# HOOFSTUK 7

# VOORGRAADSE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE PU VIR CHO, 1962 TOT 1976, EN MOONTLIKE BEÏNVLOEDENDE FAKTORE DAAROP

## 7.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die akademiese welslae van eerstejaar=studente aan die PU vir CHO en faktore wat dit moontlik kan be=invloed van nader beskou. Vervolgens word die ondersoek uitgebrei na die ander voorgraadse studente asook nagraadse onderwysdiplo=mastudente.

Eerstens word die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO, soos vroeër omskryf (vgl. 1.2.2), ontleed. Dit word gedoen vir studente wat vanaf 1962 tot en met 1971 as eerstejaarstudente vir bepaalde grade en diplomas ingeskryf het en wat tot en met 1976 óf die grade of diplomas verwerf het, óf nog met studie besig was óf reeds studie gestaak het (vgl. 5.5). Die omvang van kursusver=andering word ook nagegaan en daarby in berekening gebring.

Om moontlike beïnvloedende faktore op akademiese produktiwiteit te vind, is alle heeltydse tweede- en derdejaarstudente asook heeltydse nagraadse onderwysdiplomastudente aan ʼn vraelys onder=werp (vgl. 5.6). Die responsies van dié studente word hier ont=leed. Daarnaas is die responsies van dosente op die reeds ver=melde vraelys aan dosente (vgl. 5.4) van nader beskou. Dit het betrekking op die didaktiese situasie en aanverwante aangeleent=hede van die tweede-, derdejaar- en nagraadse onderwysdiploma=studente aan die PU vir CHO wat akademiese produktiwiteit kan beïnvloed.

In die tabelle in hierdie hoofstuk het simbole die volgende bete=kenisse:

M - dui aan dat die graad of diploma in die minimumtydperk ver=werf is.

M+1 - dui aan dat die graad of diploma in die minimumtydperk plus

een jaar verwerf is.

M+2 - dui aan dat die graad of diploma in die minimumtydperk plus twee jaar verwerf is.

M+3 - dui aan dat die graad of diploma in die minimumtydperk plus drie jaar of langer verwerf is.

Dipl. - dui alle diplomas wat in die betrokke fakulteit verwerf kan word, aan.

Alle syfers is persentasies van die hele betrokke populasie.

## 7.2 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

(Vir tabel 7.1, vgl. p. 240)

Alle gegewens in die volgende tabelle in hierdie hoofstuk tot paragraaf 7.12 is verkry deur die verslagkaarte van studente individueel te kontroleer en die berekeninge per hand te doen. Alle roupunte is egter by skrywer beskikbaar.

Uit tabel 7.1 blyk dat 'n groter persentasie dame- as manstudente hul grade en diplomas in die minimumtydperk voltooi terwyl 'n kleiner persentasie damestudente as manstudente nooit die kwalifikasies waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf nie. Dit geld ook vir elke besondere studierigting in hierdie fakulteit. Die tendens wat reeds in die eerste studiejaar gevind is, naamlik dat dameseerstejaarstudente beter as manseerstejaarstudente presteer (vgl. hoofstuk 6), word dus in latere studiejare voortgesit.

Uit tabel 7.2 val die betreklik geringe slytasie van studente in die sterk beroepsgeoriënteerde Beplanning, Biblioteekkunde, Maatskaplike Werk en Kommunikasiekunde op, teenoor die betreklik ernstige slytasie van die studente wat suiwer B.A. en diplomakursusse volg. Die getalle studente wat B.Mus. en B.Art. et Scien. (Verpl.) neem, is so klein dat geldige gevolgtrekkings nie gemaak kan word nie.

Dit is ook opmerklik dat daar 'n betreklik hoë slytasie van diplo=

TABEL 7.1

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT TEN OPSIGTE VAN MANSTUDENTE EN DAMESTUDENTE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

| MANS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B.A. | Dipl.[1] | Bibl.[2] | Kom.[3] | Bepl.[4] | B.Mus. | Tot. |
| M | 43,1 | 46,3 | 63,6 | 62,5 | 63,3 | 31,6 | 44,4 |
| M + 1 | 16,5 | 5,6 | 9,1 | 12,5 | 24,5 | 10,5 | 16,0 |
| M + 2 | 5,4 | 1,8 | - | 6,3 | - | 10,5 | 5,0 |
| M + 3 | 2,1 | - | - | - | - | - | 1,8 |
| Nooit | 32,9 | 46,3 | 27,3 | 18,7 | 12,2 | 47,4 | 32,8 |

| DAMES | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B.A. | Dipl.[1] | M.W.[5] | Bibl.[2] | Kom.[3] | Bepl.[4] | B.Mus. | Verpl.[6] | Tot. |
| M | 66,1 | 46,7 | 77,6 | 82,5 | 65,7 | 66,7 | 56,9 | 48,5 | 63,5 |
| M + 1 | 7,9 | 9,8 | 5,2 | 5,2 | 8,6 | 33,3 | 10,3 | 9,3 | 8,1 |
| M + 2 | 1,8 | 0,5 | - | 2,0 | - | - | - | - | 1,7 |
| M + 3 | - | 1,9 | 1,7 | - | - | - | 1,7 | - | 0,3 |
| Nooit | 24,2 | 41,1 | 15,5 | 10,3 | 25,7 | - | 31,1 | 42,5 | 26,4 |

1) Enige voorgraadse diploma wat in die fakulteit verwerf kan word.

2) B.Bibl.

3) B.A.(Komm.)

4) B.Art. et Scien. (Bepl.)

5) B.A.(M.W.)

6) B.Art. et Scien. (Verpl.)

TABEL 7.2

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN ALLE STUDENTE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

| | B.A. | Dipl.[1)] | M.W.[5)] | Bibl.[2)] | Verpl.[6)] | Kom.[3)] | Bepl.[4)] | B.Mus. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M | 56,3 | 46,6 | 74,9 | 80,5 | 48,5 | 64,7 | 63,5 | 48,8 | 56,5 |
| M + 1 | 11,6 | 9,0 | 4,8 | 5,6 | 9,3 | 9,8 | 25,0 | 10,0 | 11,0 |
| M + 2 | 3,3 | 0,7 | - | 1,9 | - | 2,0 | - | 6,2 | 2,8 |
| M + 3 | 0,9 | 1,5 | 1,7 | - | - | - | - | 1,3 | 0,9 |
| Nooit | 27,9 | 42,2 | 18,6 | 12,0 | 42,5 | 23,5 | 11,5 | 33,7 | 28,8 |

1) ......6): Vergelyk Tabel 7.1

mastudente voorkom.

TABEL 7.3

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN STUDENTE WAT IN VERSKILLENDE JARE VIR DIE EERSTE KEER IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE INGE= SKRYF HET

| As eerstejaar ingeskryf in | M | M + 1 | M + 2 | M + 3 | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1962 | 62,7* | 8,1 | 4,3 | 1,2 | 23,6 |
| 1963 | 55,7 | 12,3 | 2,4 | 0,8 | 28,8 |
| 1964 | 60,0 | 11,4 | 2,4 | 0,5 | 25,7 |
| 1965 | 67,0 | 7,4 | 4,3 | 0,9 | 30,4 |
| 1966 | 54,4 | 7,7 | 4,0 | 20,0 | 31,9 |
| 1967 | 64,3 | 13,4 | 2,2 | 0,7 | 19,5 |
| 1968 | 59,0 | 13,1 | 1,6 | 2,0 | 24,3 |
| 1969 | 57,2 | 13,4 | 2,8 | 1,3 | 25,3 |
| 1970 | 46,0 | 11,7 | 4,0 | 0,0 | 38,3 |
| 1971 | 55,7 | 9,8 | 1,3 | 0,0 | - ** |
| 1972 | 52,8 | 6,7 | 1,2 | - | - |

* Die 62,7% is studente wat in 1962 vir die eerste keer inge= skryf het en wat hul graad of diploma in die minimumtydperk, naamlik drie of vier jaar behaal het en wel in 1964 of 1965 soos die geval mag wees.

** Ten tye van die ondersoek nog met studie besig.

Die groot fluktuering in slytasie van studente, soos blyk uit tabel 7.3, beklemtoon weer die noodsaak van een of ander vorm van statistiese kontrole oor eksamenpunte (vergelyk byvoorbeeld die 67% eerstejaarstudente van 1965 wat hul kwalifikasies in die mi= nimumtyd verwerf het met die 46% van die groep van 1970). Waar jaarliks met 'n groot populasie gewerk word, behoort daar na alle waarskynlikheid nie groot verskille in potensiaal van jaargroepe te wees nie. Die groot fluktuasies in slytasie moet waarskynlik

eerder aan fluktuasies in standaard van eksaminering toegeskryf word.

Die betreklik snelle toename in studentegetalle in hierdie fakul= teit sedert 1968 (vgl. die Verslae van die Rektor, PU vir CHO, sedert 1968) het moontlik diverse didaktiese probleme geskep wat 'n invloed gehad het, soos daaruit blyk dat 57,6% van die eerste inskrywings van die eerste vyf jaar hul grade in die minimumtyd= perk behaal het, teenoor 53,8% in die laaste vyf jaar. Daar moet egter in gedagte gehou word dat omstandighede buite beheer van die universiteit, soos veranderings in die patroon van sekondêre onderwys en landsomstandighede, ook drasties in genoemde tydperk verander het.

## 7.3 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

TABEL 7.4

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN MAN- EN DAMESTUDENTE IN DIE FAKUL= TEIT NATUURWETENSKAPPE

| | MANS | | | DAMES | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B.Sc. | B.Pharm. | To= taal | B.Sc. | B.Pharm. | B.Sc. (Huish.) | Dipl.[1] | To= taal |
| M | 33,4 | 38,7 | 35,5 | 54,6 | 53,0 | 63,6 | 47,7 | 53,8 |
| M + 1 | 13,2 | 15,3 | 14,0 | 13,4 | 15,5 | 9,1 | 14,4 | 14,1 |
| M + 2 | 5,6 | 8,7 | 6,8 | 1,9 | 4,9 | 7,3 | 2,3 | 3,5 |
| M + 3 | 3,7 | 5,8 | 4,5 | 0,6 | 0,9 | - | - | 0,5 |
| Nooit | 44,0 | 31,5 | 39,2 | 29,5 | 25,8 | 20,0 | 35,6 | 28,4 |

1) Enige voorgraadse diploma wat in die fakulteit verwerf kan word.

Opvallend is hier die aansienlik geringe slytasie van die damestu= dente teenoor dié van manstudente en wel op die "tradisioneel manlike" gebied van die natuurwetenskappe.

Die damesdiplomastudente se betreklik hoë slytasie sowel as die betreklik laer slytasie in meer beroepsgerigte studierigtings val ook hier op.

Dit blyk ook uit die tabel dat 'n betreklik hoë persentasie manstu= dente, nadat hulle 'n jaar of meer gedruip het, tog voortgaan met hul studies - dus heelwat "historiese" gevalle - en tog uiteinde= lik hul grade behaal.

TABEL 7.5

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN ALLE STUDENTE IN DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

| | B.Sc. | B.Pharm. | B.Sc.(Huish.) | Dipl. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| M | 40,0 | 44,5 | 63,6 | 47,7 | 42,8 |
| M + 1 | 13,3 | 15,3 | 9,1 | 14,4 | 14,0 |
| M + 2 | 4,5 | 7,2 | 7,3 | 2,3 | 5,5 |
| M + 3 | 2,8 | 3,8 | - | - | 2,9 |
| Nooit | 39,5 | 29,2 | 20,0 | 35,6 | 34,8 |

Voorgaande tabel toon die aanmerklik laer slytasie van studente in meer beroepsgerigte natuurwetenskaplike studierigtings as in die suiwer graad.

TABEL 7.6

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN STUDENTE WAT IN VERSKILLENDE JARE VIR DIE EERSTE KEER IN DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE INGESKRYF HET

| As eerstejaar ingeskryf in | M | M + 1 | M + 2 | M + 3 | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1962 | 40,6 | 13,1 | 6,3 | 4,6 | 35,4 |
| 1963 | 46,9 | 13,0 | 4,3 | 4,8 | 30,9 |
| 1964 | 32,7 | 20,8 | 8,3 | 3,0 | 35,1 |
| 1965 | 45,9 | 11,0 | 4,6 | 5,0 | 33,5 |
| 1966 | 39,4 | 20,4 | 8,6 | 4,1 | 27,6 |
| 1967 | 48,7 | 15,2 | 4,9 | 3,6 | 36,6 |
| 1968 | 45,8 | 13,0 | 6,0 | 1,8 | 33,5 |
| 1969 | 42,4 | 16,0 | 7,4 | 1,2 | 32,9 |
| 1970 | 46,4 | 6,8 | 3,4 | 1,7 | 41,7 |
| 1971 | 39,3 | 14,2 | 1,8 | 0,9 | - |
| 1972 | 48,8 | 5,2 | 1,7 | - | - |

Die groot fluktuasie in die slytasie van studente in verskillende jare val ook hier op.

In hierdie fakulteit het daar in die eerste vyf jaar van die onder=hawige tydperk slegs 41,4% hul grade en diplomas in die minimum=tydperk behaal, teenoor 44,4% in die laaste tydperk van vyf jaar. Die tendens is hier dus eintlik die teenoorgestelde as in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Hier moet egter in gedagte ge=hou word dat die fakulteit Natuurwetenskappe in die tydperk 1968 - 1972 nie veel gegroei het nie in weerwil van 'n vinnige groei in studentegetalle van die universiteit (vgl. Verslae van die Rektor, PU vir CHO, sedert 1968).

TABEL 7.7

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN MAN- EN DAMESTUDENTE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

| | MANS | | | DAMES | | | TOTAAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B.Comm. | Dipl. | Totaal | B.Comm. | Dipl. | Totaal | B.Comm. | Dipl. | Totaal |
| M | 33,7 | 16,7 | 32,6 | 59,4 | 46,3 | 57,1 | 38,5 | 29,5 | 37,6 |
| M + 1 | 16,0 | 14,8 | 16,0 | 15,0 | 4,9 | 13,2 | 15,8 | 10,5 | 15,4 |
| M + 2 | 5,6 | 5,5 | 5,5 | 2,1 | - | 1,6 | 4,9 | 3,2 | 4,7 |
| M + 3 | 3,7 | - | 3,4 | - | - | - | 3,0 | - | 2,8 |
| Nooit | 41,0 | 63,0 | 42,5 | 23,5 | 48,8 | 28,1 | 37,8 | 56,8 | 39,5 |

## 7.4 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

Dit is uit tabel 7.7 duidelik dat:

1. in hierdie fakulteit 'n betreklik hoë persentasie van die man=studente nie die kursusse waarvoor hulle ingeskryf het, vol=tooi nie,

2. die damestudente in hierdie fakulteit aansienlik beter as die manstudente presteer en

3. die diplomastudente 'n besonder hoë persentasie slytasie ver=toon.

TABEL 7.8

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN STUDENTE WAT IN VERSKILLENDE JARE VIR DIE EERSTE KEER IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE IN=GESKRYF HET

| As eerstejaars ingeskryf in: | M | M + 1 | M + 2 | M + 3 | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1962 | 32,7 | 11,5 | 1,9 | 3,9 | 50,0 |
| 1963 | 45,6 | 13,2 | 4,4 | 2,9 | 33,8 |
| 1964 | 50,0 | 13,8 | 2,5 | 6,2 | 27,5 |
| 1965 | 39,6 | 16,7 | 4,2 | 0,0 | 39,5 |
| 1966 | 31,7 | 20,0 | 6,6 | 4,2 | 37,5 |
| 1967 | 39,7 | 14,0 | 6,6 | 2,5 | 37,2 |
| 1968 | 40,4 | 16,3 | 5,8 | 3,5 | 34,0 |
| 1969 | 45,8 | 10,6 | 3,5 | 1,4 | 38,7 |
| 1970 | 31,3 | 16,0 | 6,9 | 2,8 | 43,0 |
| 1971 | 35,9 | 18,5 | 2,2 | 1,5 | - |
| 1972 | 39,3 | 9,8 | 0,8 | - | - |

Die groot fluktuasies in akademiese produktiwiteit deur die jare val ook hier op. So voltooi byvoorbeeld 45,8% van die studente wat in 1969 as eerstejaars inskryf hul studies in die minimumtyd=

perk teenoor slegs 25,9% van die 1971-groep.

In die eerste tydperk van vyf jaar het gemiddeld 39,4% van die studente in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe hul kursus in die minimumtydperk voltooi, teenoor slegs 36,7% in die tydperk van 1968 tot 1972. In hierdie fakulteit, net soos by Lettere en Wysbegeerte, is daar dus 'n effense afname in produktiwiteit gedurende die tydperk wat gekenmerk is deur vinnige groei van die universiteit.

## 7.5 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE FAKULTEIT REGTE

(Vir tabel 7.9 vgl. p. 249)

By die analise van tabel 7.9 moet in gedagte gehou word dat vir die tydperk 1962 - 1971 'n betreklik klein aantal studente in die fakulteit Regte vir bostaande kursusse ingeskryf het. So, byvoorbeeld, verteenwoordig die 77,7% studente wat nooit hul diplomastudie voltooi het nie, 'n betreklik klein getal studente, naamlik slegs agtien. Daar is ook baie min dames by hierdie studierigting betrokke, sodat geldige afleidings nie van hierdie statistiek gemaak kan word nie. Die hoë slytasie van diplomastudente (Regsdiploma vir Staatsamptenare - R.D.S.) val egter op.

TABEL 7.10
AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN STUDENTE WAT IN VERSKILLENDE JARE VIR DIE EERSTE KEER IN DIE FAKULTEIT REGTE INGESKRYF HET

| As eerstejaar ingeskryf in | M | M + 1 | M + 2 | M + 3 | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1966 | 65,6 | 12,5 | 0,0 | 6,3 | 15,6 |
| 1967 | 55,4 | 10,7 | 0,0 | 5,4 | 28,5 |
| 1968 | 56,8 | 17,6 | 6,8 | 2,7 | 16,1 |
| 1969 | 37,7 | 18,9 | 3,8 | 7,5 | 32,1 |
| 1970 | 43,1 | 15,5 | 1,7 | 0,0 | 39,7 |
| 1971 | 35,9 | 10,9 | 3,2 | 0,0 | - |
| 1972 | 30,0 | 11,7 | 0,0 | - | - |

TABEL 7.9

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN MAN- EN DAMESTUDENTE IN DIE FAKULTEIT REGTE

| | MANS | | | | DAMES | TOTAAL | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B.Jur. | B.Proc. | R.D.S. | Totaal | B.Jur. | B.Jur. | B.Proc. | R.D.S. | Totaal |
| M | 50,2 | 66,7 | 11,8 | 48,6 | 34,8 | 49,1 | 66,7 | 11,1 | 47,6 |
| M + 1 | 15,5 | 11,1 | 0,0 | 14,6 | 17,4 | 15,6 | 11,1 | 0,0 | 14,7 |
| M + 2 | 3,3 | 0,0 | 5,9 | 3,3 | 0,0 | 3,1 | 0,0 | 5,6 | 3,1 |
| M + 3 | 2,6 | 11,1 | 5,9 | 3,0 | 4,3 | 2,8 | 11,1 | 5,6 | 3,1 |
| Nooit | 28,4 | 11,1 | 76,4 | 30,4 | 43,5 | 29,4 | 11,1 | 77,7 | 31,5 |

Die groot fluktuasie in die slytasie van studente is ook hier op= vallend (tabel 7.10); dit kan waarskynlik gedeeltelik toegeskryf word aan die betreklik klein getal studente wat hierby betrokke is.

## 7.6 AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

By die ontleding van die gegewens in hierdie fakulteit moet in gedagte gehou word dat slegs voorgraadse diplomas hier ter sake is en wel P.U.O.L.M. en U.L.O.D. wat in die onderhawige tydvak aangebied is. Die huidige O.D., H.O.D.(Prim.) en H.O.D.(Sek.) is eers in 1972 ingestel en is saam met die H.O.D.(G) (wat ŉ nagraadse diploma is) nie in hierdie ondersoek betrek nie. In die onderhawige tydperk (1962 - 1971) het baie klein getalle studente hulle jaarliks vir die P.U.O.L.M. en U.L.O.D. ingeskryf. In die tien-jaar-tydperk was die hoogste inskrywingstal vir eers= tejaars 46 in 1971. Die klein getalle leen hulle nie tot geldige afleidings nie. Die uitbreiding van die onderwysersopleiding aan hierdie universiteit het eers sedert 1972 begin.

TABEL 7.11

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN MAN- EN DAMESTUDENTE IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

| | MANS | DAMES | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| M | 28,2 | 43,3 | 41,1 |
| M + 1 | 17,9 | 10,8 | 11,9 |
| M + 2 | 0,0 | 3,9 | 3,3 |
| M + 3 | 0,0 | 0,0 | 0,0 |
| Nooit | 53,9 | 42,0 | 43,7 |

Slegs 39 manstudente het oor die tien-jaar-tydperk vir die reeds genoemde diplomas ingeskryf. ŉ Verdere moontlike verklaring van die hoë slytasie van dié studente is dat universiteitsvrystelling nie ŉ toelatingsvereiste is vir die primêre skoolonderwysdiplomas

nie. Dit is derhalwe waarskynlik dat heelwat van die studente wat die kursusse gevolg het van twyfelagtige akademiese potensiaal was.

TABEL 7.12

AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN STUDENTE WAT IN VERSKILLENDE JARE VIR DIE EERSTE KEER VIR VOORGRAADSE OPVOEDKUNDEDIPLOMAS INGESKRYF HET

| As eerstejaar ingeskryf in: | M | M + 1 | M + 2 | M + 3 | Nooit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1962 | 62,5 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 37,5 |
| 1963 | 44,0 | 8,0 | 0,0 | 0,0 | 48,0 |
| 1964 | 22,6 | 22,6 | 6,5 | 0,0 | 48,3 |
| 1965 | 57,9 | 5,3 | 0,0 | 0,0 | 36,8 |
| 1966 | 43,8 | 6,3 | 9,4 | 15,6 | 24,9 |
| 1967 | 52,0 | 4,0 | 4,0 | 0,0 | 40,0 |
| 1968 | 31,0 | 0,0 | 6,9 | 0,0 | 62,1 |
| 1969 | 25,0 | 25,0 | 0,0 | 0,0 | 50,0 |
| 1970 | 29,6 | 25,9 | 3,7 | 0,0 | 40,8 |
| 1971 | 50,0 | 15,2 | 0,0 | 0,0 | - |
| 1972 | 52,9 | 3,4 | 1,0 | - | - |

Dit blyk uit die tabel dat daar 'n baie groot fluktuasie in die slytasie van studente in die voorgraadse Opvoedkundediplomas is. Dit hou ongetwyfeld verband met die klein getalle studente in dié kursusse.

In die eerste tydperk van vyf jaar (1962 - 1966) voltooi 43,1% van die studente hul kursus in die minimumtydperk teenoor 45,5% vir die tydperk 1968 - 1972. Dit dui op 'n oënskynlike verbete= ring, maar daar moet in gedagte gehou word dat die eerste groep H.O.D.(Sek.)-studente, wat aan strenger keuring onderworpe was en vir wie spesiale gedifferensieerde kursusse ingestel is, in 1972 ingeskryf het. As hierdie groep studente in die tweede tydperk van vyf jaar buite rekening gelaat word, blyk dit dat die persen=

tasie studente wat toe hul kursus in die minimumtydperk geslaag het, slegs op 37,1 te staan kom. Dit blyk dus dat die relatiewe klein aantal U.L.O.D.- en P.U.O.L.M.-studente in hierdie fakulteit heelwat swakker gevaar het in die tydperk wat deur vinnige groei van die universiteit gekenmerk is.

TABEL 7.13

VERGELYKING VAN DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN VOORGRAADSE DIPLOMASTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE

| | Lettere & Wysbe= geerte | Natuur= weten= skappe | Ekono= miese Weten= skappe | Regte | Opvoed= kunde | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| M | 46,6 | 47,7 | 29,5 | 11,1 | 41,1 | 42,0 |
| M + 1 | 9,0 | 14,4 | 10,5 | 0,0 | 11,9 | 10,9 |
| M + 2 | 0,7 | 2,3 | 3,2 | 5,6 | 3,3 | 2,3 |
| M + 3 | 1,5 | 0,0 | 0,0 | 5,6 | 0,0 | 0,6 |
| Nooit | 42,2 | 35,6 | 56,8 | 77,7 | 43,7 | 44,2 |

By die ontleding van die gegewens in bostaande tabel moet in ge= dagte behou word dat 'n betreklik klein aantal voorgraadse diplo= mastudente in die tydperk onder bespreking in die fakulteite Eko= nomiese Wetenskappe en Regte ingeskryf het en dat geldige aflei= dings derhalwe in hul geval beswaarlik gemaak kan word.

Uit bostaande tabel blyk duidelik dat die akademiese produktiwi= teit onder voorgraadse diplomastudente besonder swak is. Waarskyn= like verklarings vir die hoë druipsyfer is óf dat studente in die studierigtings van twyfelagtige akademiese potensiaal is aange= sien universiteitsvrystelling meestal nie 'n toelatingsvereiste is nie, óf dat 'n te hoë eksamenstandaard gestel is. In die fakul= teite waar betreklik groter getalle studente hul vir diplomakur= susse ingeskryf het, naamlik Lettere en Wysbegeerte, Natuurwe= tenskappe en Opvoedkunde, verskil die produktiwiteit nie veel nie.

## 7.7 VERGELYKING VAN AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE

In paragrawe 7.2 tot 7.6 is die produktiwiteit van studente in die verskillende fakulteite van nader beskou. In hierdie para= graaf sal die globale produktiwiteit van studente in die fakultei= te onderling vergelyk word.

Tabel 7.14 toon dat die produktiwiteit van studente in die fakul= teit Lettere en Wysbegeerte die hoogste is, gevolg deur die fakul= teit Regte en daarna die fakulteit Natuurwetenskappe. Die fakul= teite Opvoedkunde en Ekonomiese Wetenskappe is wat produktiwiteit betref die swakste daaraan toe. Wat die fakulteit Opvoedkunde betref, moet beklemtoon word dat die gegewens nie betrekking het op nagraadse en ongegradueerde H.O.D.-studente nie, maar slegs op studente vir onderwysdiplomas vir die primêre skool wat in 1972 afgeskaf is.

Gedurende die eerste tydperk van vyf jaar (1962 - 1966) het 48,1% van alle studente wat in daardie tydperk ingeskryf het as eerste= jaarstudente hul kursusse in die minimumtydperk voltooi teenoor 47,5% in die laaste vyf-jaar-tydperk.

(Vir tabel 7.14 vgl. p. 254)

Uit tabel 7.14 blyk dit dat daar groot fluktuasies in die slytasie van studente in die onderskeie fakulteite is. Daar is egter nie 'n verband in slytasie tussen die fakulteite in die verskillende jare nie. So het van 1970 se eerstejaargroep byvoorbeeld slegs 42,9% hul kwalifikasies in die minimumtydperk verwerf, die swakste vir die tydperk onder bespreking. Dit was egter slegs vir die fakulteit Lettere en Wysbegeerte die swakste jaar. Vir die ander fakulteite was die onderskeie inskrywingsjare vir die eerstejaar= groepe met die hoogste slytasie soos volg:

Natuurwetenskappe - 1964<br>
Ekonomiese Wetenskappe - 1971<br>
Regte - 1971<br>
Opvoedkunde - 1964

TABEL 7.14

VERGELYKING VAN AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE VIR DIE TYDPERK 1966 - 1971

| As eerstejaar ingeskryf in: | Lettere en Wysbegeerte | | | | | Natuurwetenskappe | | | | | Ekonomiese Wetenskappe | | | | | Regte | | | | | Opvoedkunde | | | | | Totaal | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit | N | N+1 | N+2 | N+3 | Nooit |
| 1962 | 63,7 | 8,1 | 4,3 | 1,2 | 23,6 | 40,6 | 13,1 | 6,3 | 4,6 | 35,4 | 32,7 | 11,5 | 1,9 | 3,9 | 50,0 | - | - | - | - | - | 62,5 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 37,5 | 49,3 | 10,4 | 4,7 | 3,0 | 32,7 |
| 1963 | 55,7 | 12,3 | 2,4 | 0,8 | 28,8 | 46,9 | 13,0 | 4,3 | 4,8 | 30,9 | 45,6 | 13,2 | 4,4 | 2,9 | 33,8 | - | - | - | - | - | 44,0 | 8,0 | 0,0 | 0,0 | 48,0 | 50,4 | 12,5 | 3,3 | 2,7 | 31,2 |
| 1964 | 60,0 | 11,4 | 2,4 | 0,5 | 25,7 | 32,7 | 20,8 | 8,3 | 3,0 | 35,1 | 50,0 | 13,8 | 2,5 | 6,2 | 27,5 | - | - | - | - | - | 22,6 | 22,6 | 6,5 | 0,0 | 48,3 | 46,8 | 15,7 | 4,7 | 2,2 | 30,5 |
| 1965 | 67,0 | 7,4 | 4,3 | 0,9 | 20,4 | 45,9 | 11,0 | 4,6 | 5,0 | 33,5 | 39,6 | 16,7 | 4,2 | 0,0 | 39,5 | - | - | - | - | - | 57,9 | 5,3 | 0,0 | 0,0 | 36,8 | 49,5 | 10,7 | 4,4 | 2,6 | 32,9 |
| 1966 | 54,4 | 7,7 | 4,0 | 20,0 | 31,9 | 39,4 | 20,4 | 8,6 | 4,1 | 27,6 | 31,7 | 20,0 | 6,6 | 4,2 | 37,5 | 65,6 | 12,5 | 0,0 | 6,3 | 15,6 | 43,8 | 6,3 | 9,4 | 15,6 | 24,9 | 45,2 | 14,4 | 6,1 | 3,2 | 31,1 |
| 1967 | 64,3 | 13,4 | 2,2 | 0,7 | 19,5 | 48,7 | 15,2 | 4,9 | 3,6 | 36,6 | 39,7 | 14,0 | 6,6 | 2,5 | 37,2 | 55,4 | 10,7 | 0,0 | 5,4 | 28,5 | 52,0 | 4,0 | 4,0 | 0,0 | 4,0 | 52,5 | 13,1 | 3,6 | 2,2 | 28,7 |
| 1968 | 59,0 | 13,1 | 1,6 | 2,0 | 24,3 | 45,8 | 13,0 | 6,0 | 1,8 | 33,5 | 40,4 | 16,3 | 5,8 | 3,5 | 34,0 | 56,8 | 17,6 | 6,8 | 2,7 | 16,1 | 31,0 | 0,0 | 6,9 | 0,0 | 62,1 | 50,2 | 13,6 | 4,4 | 2,2 | 29,6 |
| 1969 | 57,2 | 13,4 | 2,8 | 1,3 | 25,3 | 42,4 | 16,0 | 7,4 | 1,2 | 32,9 | 45,8 | 10,6 | 3,5 | 1,4 | 38,7 | 37,7 | 18,9 | 3,8 | 7,5 | 32,1 | 25,0 | 25,0 | 0,0 | 0,0 | 50,0 | 48,3 | 14,4 | 4,4 | 1,7 | 31,2 |
| 1970 | 46,0 | 11,7 | 4,0 | 0,0 | 38,3 | 46,4 | 6,8 | 3,4 | 1,7 | 41,7 | 31,3 | 16,0 | 6,9 | 2,8 | 43,0 | 43,1 | 15,5 | 1,7 | 0,0 | 39,7 | 29,6 | 25,9 | 3,7 | 0,0 | 40,8 | 42,9 | 11,8 | 4,2 | 0,9 | 40,2 |
| 1971 | 55,7 | 9,8 | 1,3 | 0,0 | 33,2* | 39,3 | 14,2 | 1,8 | 0,9 | 43,8 | 25,9 | 18,5 | 2,2 | 1,5 | 51,9 | 35,9 | 10,9 | 3,2 | 0,0 | 50,0 | 50,0 | 15,2 | 0,0 | 0,0 | 34,8 | 45,0 | 12,6 | 1,6 | 0,5 | 40,3 |
| Gemiddeld | 56,5 | 11,0 | 2,8 | 0,9 | 28,8 | 42,8 | 14,0 | 5,5 | 2,9 | 34,8 | 37,6 | 15,4 | 4,7 | 2,8 | 39,5 | 47,6 | 14,7 | 3,1 | 3,1 | 31,5 | 41,1 | 11,9 | 3,3 | 0,0 | 43,7 | 47,8 | 13,0 | 4,1 | 1,9 | 33,2 |

* Om die persentasie studente te vind wat in 1971 ingeskryf het en nooit grade of diplomas verwerf het nie, is aangeneem dat as die student aan die einde van 1976 nog nie sy kursusse voltooi het nie, hy of sy nooit daarin slaag nie.

In die onderhawige tydperk was die studente wat in 1967 vir die eerste keer ingeskryf het, die produktiefste. Dit is opmerklik ook die jaar waarin die bevindings en aanbevelings van die 1966-ondersoek (PU vir CHO, 1966) nog vars in die geheue was. Die onderskeie fakulteite was met die studentegroepe wat in die volgende jare vir die eerste keer ingeskryf het die produktiefste:

| | |
|---|---|
| Lettere en Wysbegeerte | - 1965 |
| Natuurwetenskappe | - 1967 |
| Ekonomiese Wetenskappe | - 1964 |
| Regte | - 1966 |
| Opvoedkunde | - 1962 |

Dit kom dus ten opsigte van akademiese produktiwiteit voor asof dit eerder faktore binne die fakulteite is wat dié produktiwiteit bepaal as faktore wat 'n invloed op die universiteit as geheel het.

Uit die tabel blyk verder dat die fluktuasie in die slytasie van studente in die universiteit as geheel wel groot is, dog nie so groot as in die besondere fakulteite nie. So, byvoorbeeld, behaal 52,5% van 1967 se eerstejaargroep hul kwalifikasies in die minimumtydperk teenoor 42,9% van 1970 se eerstejaargroep: 'n fluktuasie van 9,6% vir die universiteit as geheel. Hierteenoor is die verskil in produktiwiteit in die fakulteit Lettere vir dieselfde jare 18,3%. Redelikerwyse kan verwag word dat in die eerstejaargroep waar die hoogste persentasie studente hul grade en diplomas in die minimumtydperk verwerf die laagste persentasie sal wees wat nooit 'n graad of diploma verwerf nie. Dit was wel soms die geval vir die universiteit as geheel (1967), maar in die verskillende fakulteite was dit slegs by die fakulteite Ekonomiese Wetenskappe (1964) en Regte (1966) die geval. Hierdie verskynsel beklemtoon weer die kompleksiteit en talrykheid van faktore wat 'n rol speel by die akademiese produktiwiteit van 'n universiteit.

## 7.8 VERGELYKING VAN STUDENTE WAT IN HUL EERSTE STUDIEJAAR SLAAG EN LATER HUL EERSTE GRAAD OF DIPLOMA IN DIE MINIMUMTYD VOL=TOOI

In hoofstuk 6 is baie aandag geskenk aan slaagsyfers van eerste=jaarstudente. Die vraag kom na vore of eerstejaarslaagsyfers 'n goeie voorspeller van akademiese produktiwiteit is. In hierdie paragraaf sal geprobeer word om lig op hierdie saak te werp.

Eerstejaarslaagpersentasies sedert 1966 is in hoofstuk 6 van hierdie ondersoek vasgestel, terwyl akademiese produktiwiteit vir die tydperk 1962 - 1972 hierbo nagespeur is. Vervolgens word slegs eerstejaarslaagpersentasies en -produktiwiteit vir die tyd=perk 1966 - 1972 verderaan vergelykend ondersoek.

Uit tabel 7.15 blyk die volgende:

1. Die persentasie studente wat in hul eerste studiejaar geslaag het, maar nie hul kwalifikasies in die minimumtyd verwerf nie, fluktueer grootliks oor die jare en tussen die fakulteite. So fluktueer dié syfer byvoorbeeld in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte tussen 12,6% en 29,8% en by die fakulteit Reg=te tussen 3,8% en 36,2%.

2. In die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe slaag gemiddeld 35,9% van die studente wat in die eerste jaar geslaag het nie daarin om die graad of diploma in die minimumtyd te verwerf nie. Dit verteenwoordig 'n druipsyfer in elk van die tweede en derde studiejare van ongeveer 18%. In weerwil van 'n redelik hoë gemiddelde eerstejaarslaagsyfer (72,3%) voltooi slegs 36,4% van die eerstejaarstudente hul grade of diplomas in die mini=mumtyd - die laagste syfer onder al die fakulteite. Vir moont=like verklarings van die verskynsel vergelyk paragraaf 7.9.

3. In die fakulteit Natuurwetenskappe druip die laagste persen=tasie tweede- en derdejaarstudente. Slegs 11,5% van die stu=dente wat wel met hul eerste poging die eerste studiejaar ge=slaag het, behaal nie die graad of diploma in die minimumtyd=

TABEL 7.15

VERGELYKING VAN PERSENTASIE STUDENTE WAT IN HUL EERSTE STUDIEJAAR SLAAG EN DIE PERSENTASIE VAN HULLE WAT LATER HUL EERSTE GRAAD OF DIPLOMA IN DIE MINIMUMTYD VOLTOOI

| As eerstejaar ingeskryf in: | Lettere en Wysbegeerte | | | Natuurwetenskap=pe | | | Ekonomiese Wetenskappe | | | Regte | | | Opvoedkunde | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S[1] | M[2] | V[3] | S | M | V | S | M | V | S | M | V | S | M | V | S | M | V |
| 1966 | 84,2 | 54,2 | 29,8 | 52,7 | 39,4 | 13,3 | 70,4 | 31,7 | 38,7 | 69,4 | 65,6 | 3,8 | 57,5 | 43,8 | 13,7 | 69,1 | 45,2 | 23,9 |
| 1967 | 79,9 | 64,3 | 15,6 | 58,8 | 48,7 | 10,1 | 72,2 | 39,7 | 32,5 | 67,4 | 55,4 | 12,0 | 80,9 | 52,0 | 28,9 | 71,7 | 51,8 | 19,9 |
| 1968 | 79,8 | 59,0 | 20,8 | 56,7 | 45,8 | 10,9 | 74,8 | 40,4 | 34,4 | 80,6 | 56,8 | 23,8 | 39,1 | 31,0 | 8,1 | 69,1 | 50,2 | 18,9 |
| 1969 | 76,4 | 57,2 | 15,2 | 57,7 | 42,4 | 15,3 | 74,4 | 45,8 | 28,6 | 66,1 | 37,7 | 28,4 | 55,6 | 25,0 | 30,6 | 68,5 | 48,3 | 20,2 |
| 1970 | 74,7 | 46,0 | 28,7 | 58,7 | 46,4 | 12,3 | 74,4 | 31,3 | 43,1 | 79,3 | 43,1 | 36,2 | 63,0 | 29,6 | 33,4 | 69,5 | 42,9 | 26,6 |
| 1971 | 74,8 | 55,7 | 15,0 | 60,9 | 39,3 | 21,6 | 70,4 | 25,9 | 44,5 | 70,5 | 35,9 | 34,6 | 60,0 | 50,0 | 10,0 | 68,7 | 45,0 | 23,7 |
| 1972 | 71,1 | 52,8 | 12,6 | 61,2 | 48,8 | 12,4 | 70,9 | 39,3 | 31,6 | 57,7 | 30,0 | 27,7 | 73,9 | 52,9 | 21,0 | 68,9 | 48,7 | 20,2 |
| Gem.: | 76,6 | 55,1 | 21,6 | 55,3 | 43,8 | 11,5 | 72,3 | 36,4 | 35,9 | 70,1 | 45,3 | 24,8 | 65,7 | 47,0 | 18,7 | 69,3 | 47,5 | 21,8 |
| r[4] | 0,43 | | | 0,44 | | | 0,54 | | | 0,45 | | | 0,67 | | | 0,49 | | |

S[1] - Slaag in eerste studiejaar. In die tabel het dit betrekking op die persentasie studente wat voor of op 31 Maart as eers=tejaarstudente inskryf en dan aan die einde van daardie jaar slaag. Daar is aanvaar dat 'n student geslaag het as die student volgens die amptelike kriteria toegelaat is om met die tweede studiejaar aan te gaan.

M[2] - Behaal graad of diploma in die minimumtyd. So byvoorbeeld beteken die 54,2% in die eerste M-kolom, teenoor 1966, dat 54,2% van die eerstejaarstudente van 1966 later hul graad of diploma in die minimumtyd verwerf het.

V[3] - Verskil tussen S en M, met ander woorde die persentasie studente wat wel in hul eerste jaar slaag, maar nie die graad of diploma in die minimumtyd verwerf nie.

r[4] - Pearson-korrelasiekoëffisiënt bereken tussen S en M.

perk nie. In weerwil van die feit dat dit die fakulteit is met die hoogste eerstejaardruipsyfer, voltooi 7,4% meer stu= dente in dié fakulteit hul grade of diplomas in die minimum= tyd as wat die geval is in die fakulteit Ekonomiese Wetenskap= pe. Vir moontlike verklarings van die verskynsel vergelyk paragraaf 7.9.

4. Bogenoemde syfers in die fakulteite Natuurwetenskappe en Eko= nomiese Wetenskappe kan die indruk skep dat eerstejaarsdrui= ping 'n doeltreffende sif is. Dit sou beteken dat as die eer= stejaardruipsyfer hoog is, minder studente in hul tweede- en derdejaar sal druip. Wanneer egter na die ander fakulteite en na die eerstejaarslaagsyfer en persentasie eerstejaarstu= dente van 'n bepaalde jaar wat hul graad of diploma in die mi= nimumtyd verwerf, gekyk word, blyk dit nie die geval te wees nie. So druip byvoorbeeld slegs 15,2% van 1969 se eerstejaars= groep hul tweede of derde studiejaar in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die volgende jaar (1970) se eerstejaarsgroep het 'n hoër eerstejaardruipsyfer, maar nogtans druip 'n hoër persentasie (28,7%) van dié studente, wat in die eerste jaar geslaag het latere studiejare. Die feit dat die korrelasie= koëffisiënte in alle fakulteite en in totaal matig positief is, dui daarop dat 'n lae eerstejaardruipsyfer in die algemeen met 'n lae persentasie druiping in volgende studiejare gepaard gaan.

5. Wanneer na die eerstejaarslaagsyfer en die persentasie eerste= jaarstudente wat hul grade of diplomas in die minimumtydperk voltooi, gekyk word (tabel 7.15), blyk dit dat die eerstejaar= slaagsyfer minder fluktueer oor die jare as wat die geval is met die persentasie eerstejaarstudente wat later hul grade of diplomas in die minimumtydperk voltooi. Indien eerstejaardrui= ping 'n doeltreffende sif was, met ander woorde as 'n hoë druip= syfer in die eerste jaar minder druiping in later studiejare tot gevolg het en omgekeerd, sou 'n mens verwag dat die persen= tasie studente wat hul grade of diplomas in die minimumtyd= perk voltooi, redelik konstant sal bly. Dit is egter nie die geval nie, veral as na die syfers van die groter fakulteite

gekyk word.

Daar is dus blykbaar diverse en wisselende faktore wat ook in die tweede en derde studiejare 'n invloed het op slaagsyfers van studente in die verskillende fakulteite en van jaar tot jaar.

Kwaai "sifting" van eerstejaars skyn 'n tevergeefse middel te wees om uiteindelike produktiwiteit te verhoog.

## 7.9 VERGELYKING TUSSEN FAKULTEITE VAN DIE STUDENTE WAT INSKRYF, MAAR NIE HUL GRADE OF DIPLOMAS VOLTOOI NIE

By die oorweging van die gegewens in hierdie paragraaf moet in gedagte gehou word dat die omvang van kursuskansellasies in die eerste jaar naastenby 11% beloop (vgl. tabel 6.3)

Bogenoemde 11% is deel van 33,2% studente wat nie hul grade of diplomas verwerf nie. Dit beteken dus dat naastenby 22% van die studente wat aan die einde van hul eerste studiejaar vir die eksa= men inskryf nie daarin slaag om later 'n graad of diploma te ver= werf nie.

Uit tabel 7.16 blyk dit duidelik dat daar in elke fakulteit, uitgesonderd Regte, 'n groter persentasie man- as damestudente is wat nie hul studies voltooi nie.

Die grootste persentasie studiestaking het in die fakulteit Opvoed= kunde vir die tydperk onder bespreking (1962 - 1971) voorgekom. Daar moet egter in gedagte gehou word dat in die tydperk die U.L.O.D.-studente vier of vyf gewone eerstejaarskursusse soos vir graadstudente moes slaag (vgl. jaarboeke van die PU vir CHO vir bogenoemde tydperk). Aangesien heelwat van die studente nie uni= versiteitstoelating gehad het nie, het hulle klaarblyklik met die kursusse ernstige probleme ondervind. Hierdie toestand is na 1972 ingrypend gewysig.

Dit blyk voorts uit tabel 7.16 dat in die fakulteit Ekonomiese

TABEL 7.16

VERGELYKING TUSSEN FAKULTEITE VAN DIE PERSENTASIE STUDENTE WAT INSKRYF, MAAR NIE HUL GRADE OF DIPLOMAS VOLTOOI NIE

| Fakulteit | Lettere & Wys=begeerte | | | Natuurweten=skappe | | | Ekonomiese Wetenskappe | | | Regte | | | Opvoedkunde | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M[1)] | D[2)] | Tot. | M | D | Tot. | M | D | Tot. | M | D | Tot. | M | D | Tot. | M | D | Tot. |
| Persenta=sie stu=dente wat nie hul studies voltooi nie | 32,8 | 26,4 | 28,8 | 39,2 | 28,4 | 34,8 | 42,5 | 28,1 | 39,5 | 30,4 | 43,5 | 31,5 | 53,9 | 42,0 | 43,7 | 37,5 | 27,7 | 33,2 |

1) M - Mans
2) D - Dames

Wetenskappe 4,7% minder eerstejaarstudente uiteindelik 'n graad of diploma behaal as wat die geval is in die fakulteit Natuurwe=tenskappe en dit in weerwil van die feit dat eersgenoemde fakul=teit 'n hoër eerstejaarslaagsyfer van 17% het (vgl. tabel 7.15). Ook behaal 7,4% meer studente in die fakulteit Natuurwetenskappe hul grade of diplomas in die minimumtydperk as wat die geval is in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (vgl. tabel 7.15).

Vir hierdie verskynsel is daar drie moontlike verklarings: In die eerste plek moet die slaagvereistes in gedagte gehou word. As 'n student in die fakulteit Natuurwetenskappe in die reël meer as een kursus in sy eerste jaar druip, moet die studiejaar herhaal word. 'n Student in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe kan egter met sy tweede studiejaar aangaan as hy twee kursusse in die eerste jaar druip. Waarskynlik vind laasgenoemde studente dit moeilik om in latere studiejare in al hul kursusse te slaag en daarby agterstallige kursusse in te haal. In die tweede plek is dit moontlik dat die hoë druipsyfer onder eerstejaarstudente in die fakulteit Natuurwetenskappe lei tot oorskakeling na ander fakulteite of tot algehele staking van studies.

Derdens moet die kurrikulumsamestelling in gedagte gehou word. 'n Student in die Natuurwetenskappe neem normaalweg vier kursusse in sy eerste jaar, drie in die tweede en twee kursusse in die derde jaar. 'n Student in die Ekonomiese Wetenskappe neem normaal=weg vyf kursusse in die eerste jaar, ses in die tweede en vyf kursusse in die derde jaar. Dit kan wees dat die moeilikheidsgraad en omvang van die kursusse van die eerste tot die derde jaar toe=neem terwyl die aantal kursusse nie verminder in die geval van die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe nie.

## 7.10 DIE OMVANG VAN VERANDERING VAN STUDIERIGTING VAN STUDENTE AAN DIE PU VIR CHO

Die omvang van verandering van studierigting in die tydperk 1962 - 1972 by voorgraadse en eerste diplomastudente is vervolgens na=gegaan. In die onderhawige tydperk het 1,9% studente van studie=rigting verander. By verandering van studierigting is studies

soos volg in onderstaande studierigtings gestaak:

| | |
|---|---|
| B.Sc. | - 29,6% |
| B.Pharm. | - 20,0% |
| B.A. | - 14,8% |
| B.Comm. | - 12,6% |
| B.Jur. | - 7,4% |
| Ander rigtings | - 15,6% |

By verandering van studierigting is na die volgende studierig= tings oorgeskakel:

| | |
|---|---|
| B.A. | - 34,8% |
| B.Comm. | - 20,0% |
| B.Jur. | - 12,6% |
| B.Art. et Scien. (Bepl) | - 8,1% |
| B.Sc. | - 5,2% |
| Onderwysdiplomas | - 4,4% |
| Ander | - 14,9% |

Die fakulteit Natuurwetenskappe verloor dus die meeste studente deur verandering van studierigting ten gunste van 'n ander studie= rigting, terwyl die fakulteit Lettere en Wysbegeerte die meeste van hierdie studente trek. Die spesifieke aard en omvang van bogenoemde veranderings word in tabel 7.17 nader toegelig.

## 7.11 VERGELYKING TUSSEN DIE TOTALE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT* VAN DIE PU VIR CHO EN DIE ANDER UNIVERSITEITE VIR BLANKES IN SUID-AFRIKA

Word tabel 3.11 en 7.14 met mekaar vergelyk, blyk dit dat die totale akademiese produktiwiteit* van die PU vir CHO soos volg met dié van die ander universiteite vir blankes in Suid-Afrika vergelyk:

---

* Onder totale akademiese produktiwiteit word bedoel die persen= tasie eerstejaarstudente wat wel later die grade of diplomas waarvoor hulle ingeskryf het, verwerf.

TABEL 7.17

DIE AARD VAN VERANDERING VAN STUDIERIGTING VAN STUDENTE (PERSENTASIEGEWYS)* IN DIE TYDPERK 1962 - 1972

| Ingeskryf vir: → / Verander na: ↓ | B.A. | B.Bibl. | Dipl. (LAW) | B.Art.et Scien. (Verpl.) | B.Art. et Scien. (Bepl.) | B.Sc. | B.Pharm. | B.Sc. (Huish.) | Dipl. (Nw.) | O.D. | H.O.D.(S) | RU.O.L.M. | B.Comm. | Dipl. (E.W.) | B.Jur. | R.D.S. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | - | - | - | 0,7* | 0,7 | 12,6 | 5,2 | 0,7 | 1,5 | - | - | - | 10,4 | - | 3,0 | - | 34,8 |
| B.Bibl. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | 0,7 |
| B.A(M.W.) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | 0,7 |
| Dipl.(LAW) | 0,7 | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | 2,2 |
| B.Mus. | - | - | - | - | - | 1,5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1,5 |
| B.A.(Komm.) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | 0,7 | - | 1,5 |
| B.Art. et Scien.(Bepl.) | 0,7 | - | - | - | - | 3,7 | 3,0 | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | 8,1 |
| B.Sc. | 3,7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | 0,7 | - | - | - | 5,2 |
| B.Pharm. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | 0,7 |
| Dipl.(Nw.) | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 |
| O.D. | - | - | 0,7 | 0,7 | - | 0,7 | 0,7 | - | 0,7 | - | - | - | - | - | 0,7 | - | 4,4 |
| H.O.D.(S) | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 |
| P.U.O.L.M. | 0,7 | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1,5 |
| B.Comm. | 3,0 | - | - | - | - | 8,9 | 6,7 | - | - | - | - | - | - | - | 1,5 | - | 20,0 |
| Dipl.(E.W.) | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | 1,5 |
| B.Jur. | 5,9 | - | - | - | 0,7 | 1,5 | 1,5 | - | - | 0,7 | - | 1,5 | - | - | - | 0,7 | 12,6 |
| B.Proc. | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | 1,5 |
| R.D.S. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | 0,7 |
| B.Sc.(Bod.) | - | - | - | - | - | - | 0,7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 0,7 |
| Totaal | 14,8 | 0,7 | 0,7 | 1,5 | 1,5 | 29,6 | 20,0 | 1,5 | 2,2 | 3,7 | 0,7 | 2,2 | 12,6 | - | 7,4 | 0,7 | 100,0 |

* Persentasie van totale getal studente wat van studierigting verander het in die onderhawige tydperk.

TABEL 7.18

VERGELYKING TUSSEN DIE TOTALE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE PU VIR CHO MET DIE ANDER UNIVERSITEITE VIR BLANKES IN SUID-AFRIKA VIR DIE TYDPERK 1962 TOT 1971

| Jaar | 1) PU vir CHO | 2) Die ander blan= ke universiteite | Verskil: 1) - 2) |
|---|---|---|---|
| 1962 | 67,3 | 71 | -3,7 |
| 1963 | 68,8 | 63 | +5,8 |
| 1964 | 69,5 | 70 | -0,5 |
| 1965 | 67,1 | 61 | +6,1 |
| 1966 | 68,9 | 60 | +8,9 |
| 1967 | 71,3 | 70 | +1,3 |
| 1968 | 70,4 | 69 | +1,4 |
| 1969 | 68,8 | 75 | -6,2 |
| 1970 | 59,8 | 63 | -3,2 |
| 1971 | 59,5 | 68 | -8,5 |
| Gemid= deld* | 67,1 | 67,0 | +0,1 |

* Gemiddeld van die jaarlikse gemiddeldes

Uit tabel 7.18 blyk dat die PU vir CHO in die genoemde tien-jaar-tydperk gemiddeld feitlik dieselfde totale akademiese produktiwi= teit as die blanke universiteite gesamentlik gehad het - van jaar tot jaar was daar egter aanmerklike verskille. Dit val ook op dat die PU vir CHO in die jare 1970 en 1971 'n betreklike lae aka= demiese produktiwiteit gehad het.

## 7.12 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN NA-UURSE STUDENTE AAN DIE PU VIR CHO

By die beoordeling van die produktiwiteit van na-uurse studente moet in gedagte gehou word dat hul omstandighede radikaal anders is as dié van heeltydse studente.

Gegewens betreffende na-uurse studente is ingesamel vir 'n ewekan=sige steekproef van 67% van die na-uurse studente oor die tydperk 1962 - 1972.

Die produktiwiteit van studente vervat in tabel 7.19 kan moontlik hoër wees, aangesien sommige studente vir baie jare met hul stu=dies besig bly en op dié wyse moontlik ingedeel word as studente wat nooit 'n graad behaal nie.

TABEL 7.19

DIE PERSENTASIE NA-UURSE STUDENTE WAT GRADE EN DIPLOMAS IN GEGEWE TYE VOLTOOI HET

| | B.A. | B.Comm. | Dipl.(E.W.) | B.Jur.& B.Proc. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| M | 19,9 | 20,1 | 16,7 | 14,8 | 19,4 |
| M + 1 | 8,8 | 8,5 | 0,0 | 7,4 | 8,1 |
| M + 2 | 1,5 | 2,9 | 0,0 | 1,9 | 2,3 |
| M + 3 | 0,7 | 0,3 | 0,0 | 0,0 | 0,4 |
| M + 4 | 0,7 | 0,6 | 0,0 | 0,0 | 0,5 |
| M + 4 + | 0,0 | 1,2 | 4,2 | 0,0 | 0,9 |
| Nooit | 68,4 | 66,5 | 79,1 | 75,9 | 68,4 |

Dit blyk dus dat nagenoeg twee uit elke drie na-uurse studente nooit die graad of diploma voltooi waarvoor hulle ingeskryf het nie of meer as vier jaar langer as die minimumtydperk neem om dit te behaal.

Daar moet in gedagte gehou word dat bostaande tabel gegewens weer=gee vir studente wat tot en met 31 Maart van elke jaar ingeskryf het en nie slegs vir studente wat vir subsidie in aanmerking kom nie (dit wil sê studente wat op die tweede Dinsdag in Junie nog besig was met studie nie). Ondervinding leer dat heelwat na-uurse studente wel aan die begin van die jaar inskryf, maar spoedig weer hul studies staak.

## 7.13 DIE SIENING VAN TWEEDEJAAR-, DERDEJAAR- EN NAGRAADSE ONDER= WYSDIPLOMASTUDENTE OOR FAKTORE WAT HUL AKADEMIESE PRESTASIES KAN BEÏNVLOED

Die hele populasie tweedejaar-, derdejaar- en nagraadse onderwys= diplomastudente is by 'n vraelys betrek (vgl. 5.6) om inligting in te win en hul mening te verkry oor faktore wat hul akademiese prestasies kan beïnvloed. Die vraelys en responsies verskyn onder= skeidelik as bylae 3a, 3b en 3c agterin.

### 7.13.1 BESKIKBAARHEID VAN MOTORS ONDER RESPONDENTE

'n Totaal van 861 respondente (49,5%) het motors op Potchefstroom tot hul beskikking. Van die totale aantal mans- en dames-kos= huisinwoners het 37% motors tot hul beskikking teenoor 80,3% nie-koshuisinwoners. Dit blyk dat 45,2% tweedejaars teenoor 51,9% derdejaarsrespondente motors tot hul beskikking het. Van die mansrespondente in koshuise beskik 65,0% oor motors teenoor 21,6% dames in koshuise (vgl. bylae 3a, b en c, no. 6.1).

In hoofstuk 6 is aangetoon dat die gemiddelde ouderdom van eerste= jaarstudente van 1976 tussen 18 en 19 jaar was (vgl. 6.5.3). Dit beteken dat die groot meerderheid tweede- en derdejaarstuden= te nog nie 21 jaar oud is nie en dus nie kwalifiseer vir ampteli= ke toestemming om motors aan te hou nie. Aangesien motorbesit akademiese produktiwiteit skynbaar negatief beïnvloed (vgl. 4.4.10), sal die PU vir CHO weer oor hierdie saak moet besin of sorg dat die regulasies in hierdie verband (vgl. PU vir CHO, 1976b, p. 62) gehoorsaam word.

### 7.13.2 FAKTORE WAT STUDIES NEGATIEF BEÏNVLOED

Aan respondente is 'n lys van elf faktore (vgl. tabel 7.20) ver= skaf wat hul studies negatief kan beïnvloed. Hulle moes dan uit hierdie lys daardie enkele faktor aandui wat volgens hul mening hul studies die meeste benadeel. Respondente het egter in die ope gedeelte van die vraelys volle geleentheid gekry om enige faktor wat nie in die lys opgeneem is nie en wat volgens hul oor=

deel hul studies ernstig benadeel, aan te dui (vgl. bylae 3a en b, no. 7).

Die responsies op hierdie vraag (7) is in tabel 7.20 saamgevat.

TABEL 7.20
FAKTORE WAT STUDIE ERNSTIG NEGATIEF BEÏNVLOED (PERSENTASIEGEWYS)

| | Alle res=pon=dente | 2e-jaars | 3e-jaars | H.O.D. (G) | Mans | Dames | Kos=huis | Nie-kos=huis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen probleme nie | 26,4 | 27,1 | 23,5 | 34,7 | 22,7 | 29,6 | 26,8 | 25,9 |
| Engelse handboeke | 18,9 | 19,9 | 19,9 | 11,2 | 18,9 | 18,7 | 19,9 | 15,9 |
| Eie persoonlik=heids-, sielkundi=ge of aanpassings=probleme | 10,6 | 11,4 | 8,5 | 11,8 | 12,2 | 10,1 | 10,2 | 11,6 |
| Probleme om voor=geskrewe boeke in die hande te kry | 4,9 | 3,8 | 6,3 | 7,1 | 4,6 | 5,3 | 3,8 | 7,8 |
| Finansiële pro=bleme | 4,8 | 4,5 | 5,5 | 4,1 | 6,6 | 3,5 | 4,0 | 7,0 |
| Probleme met do=sente | 4,6 | 4,8 | 5,6 | 0,6 | 6,4 | 3,2 | 4,3 | 5,4 |
| Verhoudingslewe (sleep)-proble=me (of gebrek daaraan) | 3,8 | 2,8 | 4,2 | 8,8 | 3,2 | 4,4 | 4,6 | 2,0 |
| Probleme in ver=band met verblyf=plek | 3,6 | 3,3 | 4,4 | 2,4 | 4,0 | 3,5 | 4,8 | 1,0 |
| Probleme met medestudente | 1,8 | 2,1 | 1,1 | 1,8 | 1,9 | 1,7 | 2,3 | 0,4 |
| Huislike pro=bleme | 1,4 | 1,0 | 1,7 | 2,9 | 1,5 | 1,4 | 1,2 | 2,0 |
| Gesondheidspro=bleme | 1,1 | 1,1 | 0,8 | 2,9 | 0,8 | 1,5 | 1,2 | 1,0 |
| Godsdienstige probleme | 0,2 | 0,1 | 0,3 | - | 0,4 | 0,1 | 0,2 | 0,2 |
| Ander probleme | 3,4 | 3,6 | 3,0 | 3,5 | 4,0 | 3,1 | 3,1 | 4,4 |

Dit blyk uit tabel 7.20 dat die gebruik van Engelse handboeke die een enkele faktor is wat studies die sterkste negatief beïnvloed. In hoofstuk 6, paragraaf 6.5.23 is reeds aangetoon dat eerstejaar=studente vry ernstige probleme met Engelse handboeke ondervind. Nou blyk dit dat ook ongeveer een uit elke vyf senior studente Engelse handboeke as die grootste belemmering in hul studies iden=tifiseer.

Wat die fakulteite betref, ondervind studente in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (30,6%) die meeste probleme met Engelse handboeke. Daarna volg die fakulteit Natuurwetenskappe (19,4%), Opvoedkunde (18,7%), Lettere en Wysbegeerte (15,2%) en Regte (14,5%) (vgl. bylae 3a en b, no. 7).

Persoonlikheids-, sielkundige en aanpassingsprobleme is vir 10,6% van die respondente die vernaamste struikelblok in hul studies. Die feit dat nagenoeg 10% van die senior studente dit as die ver=naamste belemmering in hul studies ondervind, beklemtoon weer die belangrike taak wat die Instituut vir Opvoedkundige en Sielkundi=ge Dienste en Navorsing, maar ook huiskomitees, huisvaders, ouder=linge en predikante aan die PU vir CHO te vervul het.

Probleme om voorgeskrewe boeke in die hande te kry, is vir 4,9% van die respondente die vernaamste struikelblok wat hulle in hul studie ondervind, terwyl 4,8% van die respondente sodanige finan=siële probleme ondervind dat dít hul grootste hindernis tot doel=treffende studie is.

Nagenoeg een uit elke twintig studente (4,6%) ondervind persoon=like probleme met dosente. Dit is natuurlik 'n baie subjektiewe beoordeling, maar verg die ernstige aandag van die universiteit as geheel.

Sesde in orde van belangrikheid is die tussengeslagtelike verhou=dingslewe (3,8%). Dit val op dat probleme in hierdie verband blyk=baar toeneem met senioriteit - moontlik weens uitgerekte verhou=dings vanweë studietydperke. Ook hier is pastorale sorg en huis=vaderlike leiding sterk ter sprake.

Sewende in orde van belangrikheid is probleme in verband met ver= blyfplek (3,6%). Dit val op dat 'n groter persentasie koshuisstu= dente probleme in verband met hul verblyfplek ondervind (4,8%) as nie-kosgangers (1%). Daar moet veral op gelet word dat 6,1% van die manskosgangers hul verblyfplek as die vernaamste faktor wat studies negatief beïnvloed, beskou, teenoor 1,1% mans wat el= ders woon.

Die faktore wat studie negatief beïnvloed wat nie in die gegewe lys voorkom nie en wat deur 3,4% studente pertinent genoem is, is so wyd uiteenlopend van aard dat hier nie 'n algemene tendens ver= meld kan word nie.

7.13.3 TOETSING EN EKSAMINERING

Die oorgrote meerderheid van die respondente (74,9%) verkies om meer gereeld toetse af te lê oor kleiner afdelings van die werk. Hierdie siening word ook deur die meerderheid respondente in elke fakulteit gehuldig (vgl. bylae 3a en b, no. 9).

Daar is opvallende meningsverskil oor toetstydperke, soos daaruit blyk dat 56,2% respondente verspreide toetse verkies teenoor 42,5% respondente wat 'n enkele toetstydperk per semester verkies. Hier= die tendens kom in al die betrokke fakulteite voor (vgl. bylae 3a en b, no. 10).

Dit is voorts van belang om daarop te let dat 82,9% van die res= pondente meld dat hul studieprogram hoofsaaklik deur die toetse wat hulle skryf, bepaal word. Hierdie persentasie word in 'n groot mate gehandhaaf in die verskillende fakulteite. Dit wil dus voorkom of meer gereelde toetse gereelder studie in die hand sal werk (vgl. bylae 3a en b, no. 8).

Die stelsel van toetse op Vrydagaande en/of Saterdagoggende, wat op grond van die 1976-fase van hierdie ondersoek ingestel is, het klaarblyklik 'n remmende invloed op die uittog van studente oor naweke uit Potchefstroom. Dit blyk daaruit dat 47,7% van die respondente gemeld het dat hulle in 1977 meer naweke op Potchef=

stroom deurgebring het as in 1976 (vgl. bylae 3a en b, no. 16) (toe daar nie toetse op Vrydagaande en/of Saterdagoggende geskryf is nie). Ter bevestiging hiervan dui 28,1% van die respondente aan dat hulle meer as die helfte van die naweke gedurende die aka= demiese jaar van Potchefstroom af weggaan (vgl. bylae 3a en b, no. 15) teenoor die syfer van 39,2% van die eerstejaars van 1976 (vgl. 6.5.11 en bylae 1a en b, no. 2.4). Hier moet ook in gedagte gehou word dat 'n groter persentasie senior studente (49,5%) mo= tors tot hul beskikking het as wat die geval is met eerstejaar= studente (17,9%) (vgl. 6.5.9 en bylae 1a, b en c, no. 1.17).

Toetse oor naweke het klaarblyklik 'n positiewe invloed op die studiegewoontes van studente. 'n Totaal van 475 (27,2%) respon= dente het naamlik gemeld dat hulle in 1977 meer gestudeer het as in die verlede vanweë toetse oor naweke (vgl. bylae 3a en b, no. 17). As die protes wat vanuit studentegeledere gekom het oor naweektoetse, wat moontlik die objektiwiteit van antwoorde in hierdie verband kon beïnvloed, in ag geneem word, is bogenoemde syfer betekenisvol. Hierdie persentasie is redelik konstant vir mans en dames afsonderlik en vir koshuis- en nie-koshuisinwoners afsonderlik (vgl. bylae 3a en c, no. 17).

Dit is egter ook belangrik om daarop te let dat 68,9% van die res= pondente gemeld het dat naweektoetse vir hulle persoonlik nadele inhou en dat slegs 11% respondente hulle ten gunste van toetse op Saterdagoggende uitgespreek het (vgl. bylae 3a en b, no. 18). Wat die nadele is, is nie in die vraelys gevra nie. In die oop afdeling van die vraelys spreek heelwat studente hulle teen toet= se op Saterdagoggende uit, maar hulle motiveer nie hul teenkanting nie. Die enigste motivering kom van respondente wat meld dat toetse op 'n Vrydagaand sowel as op die daaropvolgende Saterdag= oggend akademiese prestasie benadeel. Hulle pleit daarvoor dat hulle liefs op 'n weeksaand en dan op óf Vrydagaand óf Saterdag= oggend getoets moet word (vgl. bylae 3a, afd. 2, no. 2).

### 7.13.4 LENGTE VAN DIE AKADEMIESE JAAR, VAKANSIEWERK EN -STUDIE

'n Langer akademiese jaar met dieselfde hoeveelheid werk word deur

28,3% van die respondente verkies. Die fakulteit waar die groot=ste persentasie studente 'n langer akademiese jaar verkies is Na=tuurwetenskappe (32,6%), gevolg deur Lettere en Wysbegeerte (31,5%), Opvoedkunde (26%), Ekonomiese Wetenskappe (21,8%) en die fakulteit Regte (16,9%) (vgl. bylae 3a en b, no. 12).

Die omvang van akademiese werk is volgens respondente van so 'n aard dat 73,2% dit nodig vind om gedurende resesse te studeer. In die fakulteit Natuurwetenskappe vind 83% van die respondente dit nodig om tydens resesse te studeer, teenoor 60,5% in die fakul=teit Opvoedkunde, met die respondente van ander fakulteite tussen hierdie uiterstes (vgl. bylae 3a en b, no. 13).

Van die respondente vind 51,8% dit nodig om gedurende een of meer resesse per jaar te werk om vir hul studies te help betaal. Va=kansiewerk word veral deur mansrespondente gedoen (67,7%), teenoor 38,8% van die damesrespondente (vgl. bylae 3a , b en c, no. 14).

In die lig van voorgaande is dit moontlik dat 'n drastiese inkor=ting van resesse ongeveer die helfte van die studente, wat vakan=siewerk moet doen, nadelig sal raak. Daar kan aangeneem word dat vakansiewerk hoofsaaklik gedurende die somerreses plaasvind sodat daar nog voldoende geleentheid vir dosente is om die akademiese jaar beter te benut deur meer werk te gee wat tydens ander resesse gedoen kan word.

### 7.13.5 ORIËNTERING VAN EERSTEJAARSTUDENTE DEUR SENIOR STUDENTE

'n Baie klein persentasie respondente (9,9%) het hulle uitgespreek ten gunste van die afskaffing van oriëntering (verwelkoming) van eerstejaars deur seniors(vgl. bylae 3a en b, no. 19).

Dit val op dat slegs 11% van die tweedejaarrespondente ten gunste van dié afskaffing is terwyl nagenoeg 30% van hulle tien maande tevore, toe hulle eerstejaars was en ook 'n vraelys (bylae 1a) moes invul, ten gunste van afskaffing was (vgl. 6.5.18 en bylae 1a en b, no. 2.55). Verder beskou 16,1% van die respondente die oriën=tering van eerstejaars deur seniors as blote vermaak vir senior studente (vgl. bylae 3a en b, no. 20).

7.13.6 SEKERHEID IN VERBAND MET STUDIERIGTING EN RELEVANSIE VAN KURSUSSE WAT GENEEM WORD

Die noodsaaklikheid van voorligting op universiteit, maar ook reeds op skool, word beklemtoon deur die feit dat 16,6% van die respondente gemeld het dat hulle tydens hulle voorgraadse studie=jare drasties van studierigting sou wou verander het, maar dat hulle toe reeds so ver gevorder het met die huidige kursus dat hulle nie weer van voor af kon begin nie. Hierdie verskynsel word soos volg in die onderskeie fakulteite geopenbaar (vgl. by=lae 3a en b, no. 21):

| | |
|---|---|
| Opvoedkunde | 20,5% (H.O.D.(G) - 20,0%) |
| Lettere en Wysbegeerte: | 16,0% |
| Ekonomiese Wetenskappe: | 15,0% |
| Natuurwetenskappe: | 14,9% |
| Regte: | 13,7% |

Dit is twyfelagtig of die voortreflikste voorligting al bogenoem=de probleemgevalle sou kon voorkom het - dit sou egter waarskyn=lik 'n beduidende invloed op die omvang daarvan kon hê.

Heelwat respondente (14,5%) het gemeld dat die studierigting wat hulle tans volg nie regstreeks betrekking het op die beroep wat hulle eendag gaan volg nie. Hierdie verskynsel doen hom die mees=te voor in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (20,9%) en die min=ste in die fakulteit Natuurwetenskappe (11,4%) (vgl. bylae 3a en b, no. 22). In aansluiting by voorgaande het 312 (17,9%) van die respondente gemeld dat hulle studierigtings volg wat baie alge=meen van aard is en waarvoor daar in die arbeidsmark nie 'n spesi=fieke aanvraag is nie. Die omvang hiervan is die hoogste in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte (23,8%) en die laagste in die fakulteit Natuurwetenskappe (8,5%) (vgl. bylae 3a en b, no. 23).

Daar moet egter in hierdie verband in gedagte gehou word dat die gewone graadstudie nie spesifiek beroepsgerig is nie. Dit rus die student toe met 'n algemene wetenskaplikheid wat hom in enige toepaslike beroep kan dra. Die gevolge hiervan moet terdeë deur

studente besef word.

Dit blyk dat 10,0% van die respondente graag 'n ander studierigting of hoofvak(ke) sou wou volg, maar dit uit vrees dat daardie werk te moeilik sou wees nie gedoen het nie. In die onderskeie fakul= teite is die omvang hiervan soos volg (vgl. bylae 3a en b, no. 24):

| | |
|---|---|
| Ekonomiese Wetenskappe: | 15,0% |
| Opvoedkunde: | 11,9% |
| Lettere en Wysbegeerte: | 9,7% |
| Natuurwetenskappe: | 8,2% |
| Regte: | 4,0% |

Hierdie wegskram van sogenaamde moeiliker kursusse kan waarskynlik gewyt word aan óf 'n realistiese oordeel oor eie bekwaamheid, óf 'n selfgeringskatting, óf 'n onverskillige gemaksug en neiging om die weg van die minste weerstand te kies. Hieroor kon nie uit= sluitsel verkry word nie.

Van die respondente wat met graadstudie besig is, meld 29,7% dat hulle ten minste een vak by die graadkursus ingesluit het wat bloot as "stopvak" geneem is omdat dit as "maklik" beskou word. Die omvang hiervan in die onderskeie fakulteite is soos volg (vgl. bylae 3a, b en c, no. 25):

| | |
|---|---|
| Lettere en Wysbegeerte: | 38,0% |
| Regte: | 36,3% |
| Opvoedkunde: | 23,9% |
| Ekonomiese Wetenskappe: | 18,9% |
| Natuurwetenskappe: | 9,8% |

Van die damesrespondente het 25,9% en van die mans 26,9% sodanige stopvakke geneem.

### 7.13.7 DIE CHRISTELIKE KARAKTER VAN ONDERRIG

Daar is 72% van die respondente wat verklaar dat die leerinhoud en die wyse waarop die werk in hul klasse behandel word 'n duide=

like Christelike karakter het. Vergelykenderwys is hierdie sie=ning soos volg in die verskillende fakulteite verteenwoordig (vgl. bylae 3a en b, no. 26):

| | |
|---|---|
| Opvoedkunde: | 86,7% |
| Lettere en Wysbegeerte: | 77,2% |
| Natuurwetenskappe: | 62,9% |
| Regte: | 47,6% |

Die groot verskil in die onderskeie fakulteite is opvallend.

7.13.8 GESINDHEID VAN DIE RESPONDENTE TEENOOR DIE PU VIR CHO

ŉ Betreklik lae persentasie respondente (58%) het onomwonde ver=klaar dat hulle die PU vir CHO bo alle ander universiteite in Suid-Afrika verkies en dat hulle nie sou verkies om aan ŉ ander uni=versiteit te studeer nie. Die fakulteit met die hoogste persen=tasie studente wat ŉ uitgesproke positiewe gevoel vir die PU vir CHO het, is Opvoedkunde (68,3%), terwyl Regte die fakulteit was waar die syfer die laagste was (45,2%). Die persentasies vir die orige fakulteite het tussen hierdie uiterstes geval (vgl. bylae 3a en b, no. 29).

ŉ Gevoel van ontuisheid en ongelukkigheid wat veroorsaak dat stu=dente eerder aan ŉ ander universiteit wil studeer kan waarskynlik die akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO negatief beïn=vloed.

7.13.9 DIE STUDIE-ATMOSFEER IN RESPONDENTE SE VERBLYFPLEKKE

Die studie-atmosfeer in universiteitskoshuise is blykbaar vêr van ideaal. Dit blyk daaruit dat 35,8% (37,8% mans, 34,8% dames) van die respondente wat in koshuise inwoon, voel dat die studie-atmosfeer in die koshuise swak is, teenoor slegs 10% van die res=pondente wat nie in koshuise inwoon nie (vgl. bylae 3a, b en c, no. 31). Hierdie bevinding bevestig dié van hoofstuk 6 (vgl. 6.5.14).

7.13.10 STUDIEGEWOONTES EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

'n Redelike persentasie respondente (38,4%) het laat blyk dat hul=le voel dat hulle te veel klasse moet bywoon en dat daar te min tyd vir werklike studie is. Hierdie gevoel is veral in die fa=kulteit Opvoedkunde sterk, soos daaruit blyk dat 64,7% van die nagraadse onderwysdiplomastudente só voel (vgl. bylae 3a en b, no. 37).

Dit is belangrik om daarop te let dat 52,6% van die respondente, in weerwil van oorvloedige klasbywoning, beweer dat hulle meer as 50% van die behandelde werk eers begryp as hulle dit tuis deeg=lik bestudeer. Hierdie verskynsel kom veral in die fakulteit Na=tuurwetenskappe (66,8%) en Ekonomiese Wetenskappe (67,5%) voor (vgl. bylae 3a en b, no. 41).

Die vraag kan tereg gestel word of lesings - wat die hoofmetode van onderrig is - nie drasties ingekort moet word en hoofsaaklik gebruik moet word om onderwerpe in te lei, studente te motiveer, werkopgawes te gee en te verduidelik, saam te vat en om ingewik=kelde en moeilik-bekombare gedeeltes van die werk te behandel nie, eerder as om die ganse sillabus te probeer dek. Sodoende sal studente meer selfstandig moet studeer en kan tyd, wat met le=sings bespaar word, gebruik word vir kleiner-groepsbesprekings, seminare en tutorials. Voorgaande siening word daardeur geaksen=tueer dat 66,1% van die respondente beweer dat hulle meer as 50% van die werk wat in die klasse behandel word ewe goed tuis kon bestudeer. Die omvang van hierdie siening deur studente in die verskillende fakulteite is soos volg (vgl. bylae 3a en b, no. 42).

| | |
|---|---|
| Opvoedkunde: | 78,4% |
| Ekonomiese Wetenskappe: | 68,5% |
| Regte: | 65,3% |
| Natuurwetenskappe: | 61,8% |
| Lettere en Wysbegeerte: | 61,3% |

Volgens 86,4% van die respondente stel die universiteit hoë aka=demiese eise en moet hulle veel meer studeer as wat in die senior

klasse van die sekondêre skool die geval was (vgl. bylae 3a en b, no. 47).

Gereelde studie op Sondae word deur 26,2% van die respondente be= oefen, terwyl 34,3% van hulle aanvaar dat die omvang van hul aka= demiese werk hulle genoodsaak om dikwels op Sondae te studeer. Laasgenoemde kom veral in die fakulteit Natuurwetenskappe voor (51,5%) (vgl. bylae 3a en b, no. 32). Dit bly egter 'n ope vraag of Sondagstudie inderdaad slegs deur die omvang van werk veroor= saak word en in welke mate dit veroorsaak word deur onoordeelkun= dige tydsbesteding in die ander weeksdae.

### 7.13.11 DOSENT-STUDENT-VERHOUDINGS

Dit stem tot dankbaarheid dat 91% van die respondente verklaar dat dosente in die algemeen toeganklik en baie behulpsaam is wanneer studente hulle nader om hulp in verband met hul studies (vgl. bylae 3a en b, no. 35). Daar is egter volgens 44,5% van die respondente wel sekere dosente wat hulle nie die vrymoedigheid het om te nader met probleme in verband met hul akademiese werk nie (vgl. bylae 3a en b, no. 34). Hoewel hierdie verskynsel se= ker op verskillende maniere verklaar kan word en op 'n klein min= derheid personeel betrekking het, plaas dit die hele personeel onder verdenking. Departementshoofde en dekane behoort steeds bedag te wees op die voorkoms van onsimpatieke of ontaktvolle op= trede onderskeidelik in hul departemente en fakulteite. Studente behoort ook gereeld daarop gewys te word dat probleme met dosente met die Studente-adviseur, dekane of departementshoofde bespreek kan word.

### 7.13.12 DIE DIDAKTIESE SITUASIE AAN DIE PU VIR CHO

#### 7.13.12.1 SELFSTANDIGE STUDIE

Volgens verreweg die meeste respondente (90,2%) word vanaf die eerste jaar progressief meer selfstandige werk aan hulle opgedra (vgl. bylae 3a en b, no. 11).

7.13.12.2 HULPMIDDELS

Die meerderheid respondente (64%) voel dat hul dosente nie genoeg gebruik maak van hulpmiddels soos truprojektors, kaarte, films, modelle, ensovoorts nie. Dit is veral die geval in die fakulteite Ekonomiese Wetenskappe (85,0%) en Regte (72,6%) (vgl. bylae 3a en b, no. 27).

7.13.12.3 DOELSTELLINGS

Die doelstellings wat nagestreef word in die onderrig is vir baie studente nie duidelik nie. In hierdie verband meld 41,6% van die respondente dat hulle voel dat hulle hoofsaaklik kennis ingepomp word en dat daar nie eintlik ander doelstellings met hul onderrig is nie. Dit is veral die geval in die fakulteit Regte (50%) en Ekonomiese Wetenskappe (47,1%) (vgl. bylae 3a en b, no. 28). Dosente behoort nie slegs heldere doeleindes vir hul onderrig te bepaal nie, maar moet ook hierdie doeleindes aan die studente stel, aangesien dit 'n belangrike motiveringsagens is en dit ook stu= dente in staat stel om hul eie vordering ter bereiking van die doeleindes te evalueer.

7.13.12.4 WERKSKEMAS

Die meerderheid dosente verskaf, volgens 74,8% van die responden= te, aan die begin van 'n kursus aan studente 'n skema van die werk wat hulle later gaan behandel (vgl. bylae 3a en b, no. 36). Hierdie gesonde didaktiese praktyk behoort deur alle dosente ge= volg te word, aangesien dit doelgerigte studie en motivering be= vorder.

7.13.12.5 ONDERRIGMETODES

Formele lesings is steeds die gewildste wyse van onderrig aan die PU vir CHO. Die onderrigmetode wat volgens respondente die twee= de plek beklee, is dikteer van aantekeninge (as dit 'n onderrigme= tode genoem kan word!). Hierna volg dan klasbesprekings, tuto= rials en seminare (vgl. bylae 3a en b, afdeling 2 no. 1).

7.13.12.6 DIKTEER VAN AANTEKENINGE

Nagenoeg die helfte (44,2%) van die respondente meld dat gemid=deld meer as 25% van hul klastyd bestee word aan die afskryf van gedikteerde aantekeninge (vgl. bylae 3a en b, no. 38). Die om=vang van hierdie archaïese praktyk word beklemtoon deur die feit dat 44,8% van die respondente meld dat daar van hul dosente is wat meer as 75% van die klastyd aan die dikteer van aantekeninge bestee. Verskeie respondente het laat blyk dat dit by sommige van hul dosente die <u>enigste</u> onderwysmetode is (vgl. 6.5.23 en bylae 3a en b, no. 39).

7.13.12.7 DIE STEL VAN VRAE GEDURENDE KLASSE

Volgens 50,9% van die respondente stel die meerderheid van hul dosente nooit in die klas vrae betreffende die werk wat behandel is nie (vgl. bylae 3a en b, no. 43). Hierdie gebrek aan terug=koppeling is 'n leemte in die didaktiese verloop. Hoewel sommige klasse groot is en 'n baie klein persentasie studente deur monde=linge vrae regstreeks betrek kan word, behou die dosent tóg daar=deur kontak met die klas en kan diagnose en remedie dadelik plaas=vind.

7.13.13 RESPONDENTE SE SIENING VAN SPESIALE POGINGS TER VERBETE=RING VAN EERSTEJAARS SE AKADEMIESE PRESTASIES

Tweedejaarstudente wat in 1976 eerstejaarstudente was, voel in die algemeen dat die spesiale pogings wat die universiteit in 1976 aangewend het om die akademiese prestasies van eerstejaars te ver=beter (spesiale of aanvullende aantekeninge, kernaantekeninge, ekstra toetse, ensovoorts), 'n positiewe invloed gehad het. Slegs 5% van die tweedejaarsrespondente het gemeld dat dit nie met hulle die geval was nie, terwyl 39,5% gemeld het dat hulle beslis by die spesiale poging gebaat het. Die res van die respondente het nie 'n mening uitgespreek nie (vgl. bylae 3a en b, no. 30).

7.13.14 AFSKRYF VAN WERKSTUKKE

Die probleem wat dosente ondervind om meer selfstandige werk aan studente op te dra word geïllustreer deur die feit dat 16,4% van die respondente erken dat hulle in 1977 werkstukke wat ingehandig moes word, geheel of gedeeltelik, by medestudente afgeskryf het. Dit kom veral in die fakulteit Natuurwetenskappe (32,1%) voor (vgl. bylae 3a en b, no. 40). By die beoordeling hiervan moet in gedag= te gehou word dat sommige departemente in die fakulteit Natuurwe= tenskappe baie gereeld werksopdragte aan studente gee. Die fre= kwensie van afskrywing hou klaarblyklik verband met die aantal en omvang van werkstukke. Voorgaande dui daarop dat punte wat aan werkstukke toegeken word met die grootste omsigtigheid gebruik moet word by jaarsyferbepaling.

Meer selfstandige studie deur studente, wat moontlik hoër akade= miese produktiwiteit in die hand kan werk, kan gekortwiek word deur die feit dat dosente vermoed dat werkstukke wat selfstandig voltooi moet word soms afgeskryf word. Punte wat vir sodanige werkstukke toegeken word, is dus nie 'n geldige maat van wat die student werklik gedoen het nie en om dié rede word waarskynlik minder werkstukke aan studente opgedra. In plaas van geskrewe werkstukke kan een of ander vorm van verpligte en kontroleerbare leeswerk oorweeg word.

7.13.15 AANTAL KLASPERIODES PER WEEK

Dit spreek vanself dat hoe meer periodes in klasse deurgebring word, hoe minder tyd daar vir studente vir selfstandige studie oorbly.

Dit blyk dat 19,2% van die respondente vir meer as 40 periodes per week klasse moet bywoon (praktika ingeslote). Dit geld veral vir die fakulteite Natuurwetenskappe (50,0%) en Opvoedkunde (30,6%). Die las op studente, veral in die beroepsgerigte rigtings (farma= sie, huishoudkunde, onderwys, ingenieurswese, ensovoorts) is baie swaar (vgl. bylae 3a en b, no. 44).

### 7.13.16 HUWELIKSTAAT EN VERHOUDINGSLEWE

Van die respondente was 4,6%(81) getroud, te wete 2,1% van die tweedejaars, 6,9% van die derdejaars en bykans 10% van die nagraad=se onderwysdiplomastudente. Van die 29 getroude dames het 5, en van die 52 getroude mans het 8 in koshuise ingewoon (vgl. bylae 3a, b en c, no. 5). Dit kan kwalik vir dié studente se studies bevorderlik wees.

Meer as die helfte van die ongetroude respondente het ten tye van die ondersoek 'n vaste verhouding gehad met iemand van die teenoor=gestelde geslag (51,6% derdejaarstudente, 46,9% tweedejaarstuden=te en 58,7% H.O.D.(G)-studente) (vgl. bylae 3a en b, no. 48). Van die ongetroude respondente het 32,8% gemeld dat hulle in daar=die stadium graag sou wou trou, maar dat onoorkomelike probleme en veral geldelike probleme dit onmoontlik gemaak het (vgl. bylae 3a en b, no. 49). In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat verlengde militêre diens die gemiddelde ouderdom en die duur van afhanklikheid van manstudente opskuif. Dit kan derhalwe ver=wag word dat hierdie probleem in die toekoms sal toeneem en dat druk op die universiteit sal toeneem om huisvesting vir getroude studente teen redelike tariewe te voorsien. Dit is gerade dat die universiteit by sy toekomsbeplanning hierdie nood in gedagte moet hou, aangesien verligting daarvan die studiegeleentheid en -omstandighede van sommige getroude studente sal verbeter.

## 7.14 DOSENTE SE SIENING VAN DIDAKTIESE EN AANVERWANTE AANGELEENT=HEDE VAN DIE PU VIR CHO

### 7.14.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 is verduidelik dat 'n vraelys gebruik is om op die hoogte te kom van die evaluering deur die akademiese personeel van die PU vir CHO van die didaktiese situasie en ander faktore wat akademiese produktiwiteit kan beïnvloed. In hoofstuk 6 is die responsies van dosente wat veral op eerstejaars betrekking het, ontleed. In hierdie afdeling word aandag gegee aan dié res=ponsies wat van meer algemene belang is. Daar sal egter noodwen=

dig 'n mate van oorvleueling voorkom omdat heelwat responsies van so 'n aard is dat dit op eerstejaars sowel as senior studente be= trekking het.

### 7.14.2 VOORSTELLE VAN DOSENTE TER VERBETERING VAN TOETSING,EKSA= MINERING EN EVALUERING VAN STUDENTE (vgl. bylae 2a, no. 34)

Die meeste (126)* dosente bepleit 'n groter aantal toetse wat oor die akademiese jaar versprei is. Sodanige toetse moet dan handel oor kleiner afdelings van die werk.

Semesterkursusse, as wyse om evaluering te verbeter, is deur 47 respondente bepleit. Ook dit is gerig op meer intensiewe toet= sing/eksaminering oor kleiner afdelings van die werk.

Die afneem van meer mondelinge toetse en eksamens is deur 36 res= pondente voorgestaan, veral met die oog op bepaling van insig en die vermoë van studente om kennis toe te pas.

Ander voorstelle ter verbetering van toetsing en eksaminering is in dalende orde van frekwensie:

1. Puntememorandums - waarvolgens toetse nagesien is - moet saam met nagesiende toetse aan studente beskikbaar gestel en met hulle bespreek word met die oog op diagnose en remediëring van kennisgebreke.

2. Nagesiende toetse moet met die betrokke klasse bespreek word en algemene leemtes in antwoorde moet uitgelig en onmiddellik reggestel word.

3. Selfstandige werk - referate en ander werkstukke - moet meer gewig dra by die vasstelling van jaarpunte van senior studente.

---

* Daar sal gemerk word dat in afdeling 7.14 responsies nie per= sentasiegewys weergegee word nie, maar getalsgewys. Dit is gedoen omdat responsies hier uit die oop afdeling van die vrae= lys kom. Sommige dosente het geen responsies by sekere vrae gegee nie terwyl ander verskeie responsies gegee het.

4. Daar moet veel meer gebruik gemaak word van kort-antwoord-vrae en veral van veelvuldige keusevrae. Voorstanders hiervan wys daarop dat dit studente verplig om al die leerstof te bemagtig, dat dit óók insig toets as dit korrek opgestel word en dat dit ekonomies is wat die nasien betref.

5. Saterdagoggende moet gebruik word vir die afneem van toetse.

6. Departemente moet vraebanke opbou sodat ŉ groot voorraad ge= standaardiseerde vrae met verloop van tyd versamel kan word wat die sillabusse dek en handhawing van konstante standaard en ekonomie by die opstel van vraestelle kan bevorder.

7. Toets- en eksamenpunte moet statisties verwerk en, waar nodig, verstel word.

Slegs agtien dosente het pertinent vermeld dat die toets- en ek= samenstelsel wat in 1976 in gebruik was, en wat hoofsaaklik op ŉ stelsel van "toetsweke" berus het, hulle ten volle bevredig het.

Enkele dosente het aangevoer dat toetsweke of toetstydperke soms te veeleisend vir studente is.

### 7.14.3 LEEMTES IN DIE UNIVERSITÊRE DIDAKTIESE SITUASIE

Aan dosente is gevra watter leemtes daar volgens hul oordeel in die universitêre didaktiese situasie is en watter voorstelle hulle kan maak om die situasie te verbeter (vgl. bylae 2a, no. 3.10).

7.14.3.1 Die saak wat deur die meeste respondente (56) in hier= die verband geopper is, is dat personeel by aanstelling nie gekeur word ten opsigte van doseervermoëns én akademiese kwalifikasies nie, maar uitsluitlik, of hoofsaaklik, op grond van akademiese kwalifikasies.

7.14.3.2 Dit word deur 54 respondente aangevoer dat die klasse soms te groot is en dat behoorlike kontak nie tussen dosent en student bewerkstellig kan word nie. In hierdie verband moet in

gedagte gehou word dat nie alle departemente groot getalle senior studente het nie.

7.14.3.3 Sommige respondente (28) beweer dat dosente te min in die studente belang stel en hulle pleit daarvoor dat dosente meer moeite moet doen om wedersydse kontak te bewerkstellig.

7.14.3.4 Daar is 'n betreklike groot aantal respondente (21) wat beweer dat hul doseerwerk benadeel word deur gebrek aan onderrig=hulpmiddels. In sommige gevalle is sodanige hulpmiddels wel in die universiteit voorhande, maar word nie gebruik nie.

7.14.3.5 'n Betreklike groot groep respondente (20) wys daarop dat daar nog te veel aantekeninge gedikteer word, dat dosente te veel tyd aan mededeling deur middel van lesings bestee en dat stu=dente nie voldoende geaktiveer word nie.

7.14.3.6 In dalende orde van frekwensie is ook die volgende sa=ke genoem:

1. Studente word nie streng genoeg gekeur by toelating tot stu=die nie (18).
2. Dosente is ongemotiveerd in hul aanbieding van leerstof (15).
3. Studente word te min gedwing tot selfwerksaamheid (11).
4. Geen kontrole word uitgeoefen oor dosente se werk nie (10).
5. Sommige dosente behandel studente uit die hoogte. Dit lei daartoe dat studente nie vrymoedigheid het om daardie dosente met probleme te nader nie (9).
6. Die departement Tersiêre Onderwys moet uitgebrei word (8).
7. Die akademiese jaar is te kort (8).
8. Daar is nie voldoende kantore vir personeel nie (8).
9. Studente word te veel gepamperlang (8).
10. Studente het te veel lesingperiodes (7).
11. Semester- en/of modulestelsels moet ingestel word (6).
12. Te min kernaantekeninge word aan studente verskaf (5).

Die volgende is deur slegs enkele dosente genoem: gebrek aan evaluering van doseermetodes, daar word te min geskakel met die praktyk, departementshoofde gee nie leiding nie, probleme word on=dervind weens gesentraliseerde afrolwerk en toetse word nie gemo=dereer nie.

7.14.4 ADMINISTRATIEF-ORGANISATORIESE FAKTORE IN DIE UNIVERSI=TEIT WAT DOSEERWERK BENADEEL

By die nagaan van antwoorde van respondente op die vraag na admi=nistratief-organisatoriese faktore in die universiteit wat doseer=werk benadeel, (vgl. bylae 2a, no. 3.5) het dit baie duidelik ge=blyk dat dit eintlik net departementshoofde, hoofde van institute en dekane is wat dikwels probleme weens administratiewe pligte ondervind. Ter illustrasie hiervan kan gemeld word dat 95 respon=dente pertinent vermeld het dat hulle geen probleme in dié verband ondervind nie.

Ook die volgende faktore is in dalende orde van frekwensie as be=lemmerend vir doeltreffende doseerwerk genoem:

1. Die gebrek aan voldoende lesinglokale lei daartoe dat lesingtyd soms verlore gaan omdat lokale nie betyds toegewys word nie (22).

2. Lokale is nie toegerus met truprojektors nie (18).

3. Die gesentraliseerde dupliseerdiens lei tot onnodige vertra=gings. Daar moet soms lank gewag word op dringende afrolwerk (17).

4. Onvoldoende kantore vir akademiese personeellede lei daartoe dat dosente nie hul tyd tussen periodes produktief kan ge=bruik nie en dat studente dit moeilik vind om sodanige perso=neel gespreek te kry (16).

5. Departementshoofde se funksies is noodsaaklik, maar dit neem soms veel tyd in beslag en soms verg onvoorsiene, dringende

sake onmiddellike aandag sodat doseerwerk daardeur benadeel word (16).

6. Die invul van vraelyste neem baie tyd in beslag (16).

7. Klaslyste en puntestate wat van die administrasie ontvang word, is baie keer foutief en regstelling neem onnodig tyd in beslag (11).

8. Veelvuldige vergaderings neem baie tyd in beslag (9).

9. Personeel kan nie gratis afdrukke met die kopieermasjien in die biblioteek maak van stukke wat vir doseer- en navorsings= werk noodsaaklik is nie (8).

10. Boekhandelaars bly in gebreke om handboeke betyds voorhande te hê (7).

7.14.5 VERWAGTINGS WAT DOSENTE VAN SEKONDÊRE SKOLE KOESTER VIR DIE TOERUSTING VAN TOEKOMSTIGE STUDENTE

7.14.5.1 Op die vraag: "Waarmee moet die sekondêre skool die toekomstige student toerus?" (vgl. bylae 2a, no. 3.9) het respon= dente oorweldigend (173) geantwoord dat hulle vernaamste verwag= ting is dat die skool die toekomstige student deeglik moet toerus om selfstandig te kan studeer.

Bykomend hierby het die volgende getalle respondente die volgende sake genoem (wat as bydraend tot die vermoë tot selfstandige stu= die beskou kan word):

1. Doeltreffende bemeestering van die twee amptelike tale (35). ŉ Groot persentasie studente is nie op skool toegerus om met insig en vaardigheid te lees en hul gedagtes in heldere taal, mondeling en op skrif, weer te gee nie. Dit geld in die eer= ste plek vir die moedertaal, maar in ŉ erger graad vir die tweede amptelike taal (vgl. ook 6.6.8).

7.14.7.3 Heelwat respondente (42) het gevra dat die aanbieding meer vakgerig moet wees. Dit sou inhou dat die kursusgangers in groepe verdeel moet word vir meer spesifieke vakdidaktiese voor= ligting.

7.14.7.4 'n Interessante aanbeveling wat deur 27 respondente ge= maak is, is dat kursusgangers proeflesse moet gee. Vakkenners en opvoedkundiges moet dan die aanbieding beoordeel en remediërende hulp verleen.

7.14.7.5 'n Redelike groot groep respondente (20) beveel aan dat die kursus verpligtend gemaak moet word vir alle of minstens vir alle nuwe dosente.

7.14.7.6 In die huidige kursus word slegs 'n 75% bywoning van le= sings verwag en daar vind nie eksaminering plaas nie. Die afneem van 'n formele eksamen is deur sestien respondente voorgestel.

7.14.7.7 Daar is ook 'n behoefte by sommige respondente (14) dat daar meer tyd ingeruim moet word vir vrae en besprekings terwyl ander (10) voel dat die gebruik en demonstrasie van hulpmiddels meer aandag moet kry.

7.14.7.8 Ander aanbevelings ter verbetering van die kursus was dat die kursus nie oor die hele jaar aangebied moet word nie, maar slegs as kort, intensiewe kursusse (10), dat die kursus uitgebrei moet word (9) en dat die lesings op die kursus beter aangebied moet word (5).

7.14.7.9 Daar het 24 respondente gemeld dat die kursus voldoende en doeltreffend is.

### 7.14.8 HULPDIENSTE WAT 'n DEPARTEMENTE TERSIÊRE ONDERWYS AAN DO= DENTE BEHOORT TE LEWER (vgl. bylae 2a, no. 3.2)

7.14.8.1 'n Groot aantal respondente (75) het gevoel dat so 'n departement leiding moet gee in die verskaffing en gebruik van op= voedkundige materiaal en hulpmiddels. 'n Sentrum vir hulpmiddels

2. Die skool moet die karaktertrekke van pligsbesef en verant=woordelikheid by voornemende studente ontwikkel (29).

3. Die vermoë om krities te kan dink, moet volgens 27 responden=te op skool by leerlinge aangekweek word.

4. Ander beskouinge omtrent die skool se taak teenoor toekomsti=ge studente in hierdie verband is in dalende orde van frekwen=sie: korrekte studiemetodes (25), gemotiveerdheid (16), kor=rekte biblioteekgebruik (13) en die bemagtiging van basiese feitekennis (13).

7.14.5.2 Respondente (47) verwag verder van die skool doeltref=fende beroepsvoorligting en voorligting oor dit wat op universi=teit aangebied en van die student verwag word.

7.14.6 DIE BEREDDERING VAN DIE PROBLEEM VAN TOENEMENDE OMVANG EN DIEPTE VAN KENNIS BY DIE VASSTELLING VAN SILLABUSSE (vgl. bylae 2a, no. 3.3)

Respondente het feitlik sonder uitsondering gemeld dat hierdie probleem deur seleksie ondervang word. Minder belangrike werk word uitgelaat ten gunste van nuwe, meer aktuele en belangrike werk.

Enkele dosente het gemeld dat die probleem oorkom word deur meer werk vir selfstandige studie aan studente oor te laat.

7.14.7 DIE VERBETERING VAN DIE BESTAANDE KURSUS IN TERSIÊRE ON=DERWYS

7.14.7.1 Dosente is gevra hoe die bestaande kursus in tersiêre onderwys verbeter kan word (vgl. bylae 2a, no. 2.1). Heelwat respondente het nie die kursus bygewoon nie en het gevolglik nie menings uitgespreek nie.

7.14.7.2 Die aanbeveling wat deur die meeste respondente (61) gemaak is, is dat die aanbieding meer prakties moet wees en dat daar minder teoretiese lesings moet wees.

wat dienste kan verskaf soos die maak van transparante, films en TV-opnames kan ook onder so 'n departement ressorteer.

7.14.8.2 Die Departement van Tersiêre Onderwys moet raadgewend optree teenoor dosente wat daarom vra; met ander woorde, moet ook optree as 'n adviesburo (51).

7.14.8.3 Voorligting oor spesifieke onderrigmetodes en -tegnie= ke moet verskaf word (39).

7.14.8.4 Inligting moet deur middel van nuusbriewe verskaf word oor tersiêre didaktiek (35).

7.14.8.5 So 'n departement moet seminare en opknappingskursusse oor tersiêre didaktiek reël (29).

7.14.8.6 'n Verdere funksie van die departement moet wees om do= sente se doseervermoëns te beoordeel en dan leiding te gee om do= seermetodes te verbeter (13).

7.14.8.7 Sommige dosente (8) het gevoel dat intensiewe leiding oor meting en evaluering aan dosente verskaf moet word. Enkele respondente (4) het die mening gelug dat so 'n departement se taak moet wees om voortdurend ondersoek na die didaktiese situasie aan die PU vir CHO in te stel en gereeld aanbevelings ter verbetering daarvan aan die universiteitsowerheid te doen.

## 7.15 SAMEVATTING

### 7.15.1 DIE AKADEMIESE PRODUKTIWITEIT VAN DIE PU VIR CHO

7.15.1.1 Vir die tydperk 1962 tot 1971 het 64,9% van die eerste= jaarstudente wat in dié tydperk met universiteitstudie begin het, binne die minimumtydperk plus twee jaar die graad of diploma waar= voor hulle ingeskryf het, verwerf.

7.15.1.2 Die totale akademiese produktiwiteit van die universi= teit as geheel was vir die tydperk 1962 tot 1971 66,8%.

7.15.1.3 Nagenoeg een derde (32%) van alle voorgraadse studente sak uit en voltooi blykbaar nooit die eerste graad of diploma waar= voor hulle inskryf nie.

7.15.1.4 'n Groter persentasie man- as damestudente (9,8%) ver= werf nie die eerste graad of diploma waarvoor hulle inskryf nie. Dit geld vir elke fakulteit in besonder, uitgesonderd die fakul= teit Regte wat 'n baie klein aantal damestudente het.

7.15.1.5 In elke fakulteit (uitgesonderd Regte) voltooi 'n groter persentasie dame- as manstudente hul studies in die minimumtydperk.

7.15.1.6 Die fakulteit Lettere en Wysbegeerte het die hoogste totale produktiwiteit (71,3%), gevolg deur die fakulteit Regte (68,5%) en Natuurwetenskappe (65,2%).

7.15.1.7 Hoewel die fakulteit Natuurwetenskappe die hoogste druip= syfer onder eerstejaarstudente het, is sy totale produktiwiteit (65,3%) in die tydperk onder bespreking nogtans hoër as dié van die fakulteite Opvoedkunde (56,3%)* en Ekonomiese Wetenskappe (60,5%).

7.15.1.8 Daar is 'n groot fluktuasie in slytasie van studente in die verskillende fakulteite oor die jare. Daar is min korrelasie tussen die fluktuasies in slytasie tussen die fakulteite.

7.15.1.9 Daar is 'n kleiner slytasie van studente in die beroeps= gerigte rigtings as in die "suiwer" studierigtings.

7.15.1.10 Die slytasie onder diplomastudente is aansienlik hoër as vir graadstudente.

7.15.1.11 Kwaai "sifting" van eerstejaars het in die algemeen laer produktiwiteit tot gevolg.

---

* Uitsluitlik primêre onderwysdiplomastudente wat in die reël nie matriekvrystelling het nie.

7.15.1.12 Die produktiwiteit van die PU vir CHO vir die tydperk 1962 tot 1966 verskil nie beduidend van die produktiwiteit vir die tydperk 1967 tot 1971 nie.

7.15.1.13 In die tydperk 1962 tot 1972 het 1,9% studente van studierigting verander.

7.15.1.14 In geval van verandering van studierigting vind in die fakulteit Natuurwetenskappe die grootste persentasie wegvloei plaas. Die fakulteit Lettere en Wysbegeerte het hierteenoor die grootste toevloei van studente wat van kursus verander.

7.15.1.15 Vir die tydperk 1962 tot 1971 het die PU vir CHO vir alle praktiese doeleindes dieselfde totale akademiese produktiwi= teit as die ander blanke universiteite gesamentlik gehad. Van jaar tot jaar was daar egter aanmerklike verskille tussen die gemiddel= de akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO en dié van die ander universiteite.

7.15.1.16 Sowat twee derdes (68,4%) van die na-uurse studente verwerf nie die grade of diplomas waarvoor hulle inskryf nie.

7.15.1.17 Die druipsyfer onder tweede- en derdejaarstudente is die hoogste in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en die laag= ste in die fakulteit Natuurwetenskappe.

7.15.2 DIE DIDAKTIESE OPSET EN VERWANTE AKADEMIESE AANGELEENTHE= DE TEN OPSIGTE VAN TWEEDEJAAR-, DERDEJAAR- EN NAGRAADSE ONDERWYSDIPLOMASTUDENTE

Die volgende blyk uit die responsies van studente:

7.15.2.1 Die een enkele faktor wat, volgens die grootste persen= tasie respondente (18,9%), hul studies ernstig benadeel, is die gebruik van Engelstalige handboeke.

7.15.2.2 Die oorgrote meerderheid respondente (74,9%) verkies om gereelde toetse oor kleiner afdelings van die werk te skryf

omdat hulle aanvaar dat hul studieprogram hoofsaaklik deur die toetse wat hulle skryf, bepaal word.

7.15.2.3 Toetse oor naweke het klaarblyklik 'n tweërlei heilsame invloed: eerstens verhoog dit die persentasie respondente wat naweke op Potchefstroom moet bly en tweedens verklaar 27% van die respondente dat hulle as gevolg daarvan meer studeer.

7.15.2.4 Verlenging van die akademiese jaar word deur 28,3% van die respondente bepleit.

7.15.2.5 Heelwat respondente (16,6%) het gemeld dat hulle tydens hul voorgraadse studiejare van studierigting sou wou verander, maar dat hulle toe reeds so ver gevorder het met die huidige kur= sus dat hulle nie weer van vooraf kon begin nie.

7.15.2.6 Van die respondente wat met graadstudie besig is, het 29,7% gemeld dat hulle ten minste een vak by die graadkursus inge= sluit het wat bloot as "stopvak" geneem is omdat dit as "maklik" beskou word.

7.15.2.7 Heelwat (38,4%) van die respondente beweer dat hulle te veel klasse moet bywoon en dat daar te min tyd vir werklike stu= die is. Dit blyk dat 19,2% van die respondente 40 periodes en meer per week klasse moet bywoon (praktika ingeslote).

7.15.2.8 Meer as die helfte (52,6%) van die respondente beweer dat hulle meer as 50% van die behandelde werk eers begryp as hul= le dit self tuis deeglik bestudeer.

7.15.2.9 Dosente is, volgens 91% van die respondente, in die al= gemeen baie behulpsaam en toeganklik wanneer hulle om hulp gena= der word. Daar is egter <u>sekere</u> van hul dosente vir wie 44,5% van die respondente nie met vrymoedigheid kan nader met hul pro= bleme in verband met akademiese werk nie.

7.15.2.10 Volgens die meerderheid respondente (64%) maak dosente nie genoeg van hulpmiddels in hul onderrig gebruik nie.

7.15.2.11 Dit is vir 'n groot persentasie respondente (41,6%) nie duidelik welke doelstellings met die onderrig nagestreef word nie.

7. 5 .2.12 Formele lesings is volgens respondente die gebruiklik= ste wyse van onderrig aan die PU vir CHO.

7.15.2.13 Die onekonomiese praktyk van aantekeninge dikteer, het klaarblyklik nog 'n groot omvang. Byna die helfte (44,8%) van die respondente meld dat daar van hul dosente is wat meer as 75% van die klastyd aan die dikteer van aantekeninge bestee.

7.15.2.14 Volgens 50,9% van die respondente stel die meerderheid van hul dosente nooit in die klas vrae oor die werk wat behandel is nie.

7.15.2.15 Tweedejaarstudente (eerstejaars van 1976) voel in die algemeen dat spesiale pogings wat die universiteit in 1976 aange= wend het om akademiese prestasies van eerstejaarstudente te ver= beter wel 'n positiewe invloed gehad het.

7.15.2.16 Heelwat respondente (16,4%) het gemeld dat hulle in die loop van die jaar werkstukke wat ingehandig moet word, geheel of gedeeltelik, by medestudente afgeskryf het.

Die volgende blyk uit die responsies van dosente:

7.15.2.17 Volgens 127 dosente is 'n aantal verspreide toetse wat oor kleiner afdelings van die werk gaan verkieslik.

7.15.2.18 Die spoedige instelling van semesterkursusse word deur 47 dosente bepleit.

7.15.2.19 Die afneem van meer mondelinge toetse en eksamens word deur 36 dosente voorgestaan.

7.15.2.20 Volgens 56 respondente word nuwe dosente hoofsaaklik op grond van akademiese kwalifikasies en bevoegdheid gekeur, ter= wyl doseerbekwaamheid veel minder in ag geneem word. Hulle pleit

vir 'n gebalanseerde keuring.

7.15.2.21 Volgens 54 dosente is daar sekere klasgroepe wat te groot is.

7.15.2.22 Dit blyk duidelik uit die responsies dat veral dekane, en in 'n mindere mate ook departementshoofde en hoofde van sekere institute veelvuldige, verswarende administratiewe pligte het, maar dat die orige dosente se roetine-administratiewe pligte nie noemenswaardige inbreuk op hul akademiese werk maak nie.

7.15.2.23 Die belangrikste eis wat deur die meeste dosente (173) aan die sekondêre skool gestel word, is dat die skool die toekom= stige studente moet leer om selfstandig te studeer.

7.15.2.24 Betreffende die bestaande kursus in Tersiêre Onderwys bestaan daar waardering, maar ook 'n behoefte aan meer vakgerigt= heid, dit wil sê besondere, vakdidaktiese gerigtheid en 'n meer praktiese benadering.

7.15.2.25 Met die oog op verbetering van universiteitsonderwys pleit dosente vir die volgende: omvangryke voorligting oor die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels, beskikbaarstelling van vol= doende onderwyshulpmiddels, die daarstelling van meer uitgebreide en voortdurende persoonlike advies aan dosente oor didaktiese aange= leenthede, voortdurende voorligting van die dosentekorps oor onderwys= metodes en -tegnieke by wyse van inligtingstukke, colloquia en sim= posiums.

7.15.3 BEVINDINGE RAKENDE DIVERSE AANGELEENTHEDE

7.15.3.1 Van die respondente* is 4,7% getroud. Dertien getroude respondente woon in die koshuise in.

7.15.3.2 Sowat die helfte (49,5%) van die respondente het motors op Potchefstroom tot hul beskikking.

---

* In paragraaf 7.15.3 dui respondente studente aan.

7.15.3.3 ŉ Baie klein persentasie respondente (9,9%) is gekant teen die huidige vorm van oriëntering van eerstejaars deur senior studente.

7.15.3.4 ŉ Verbasende lae persentasie respondente (58%) verklaar dat hulle die PU vir CHO bo alle ander universiteite in die RSA verkies.

7.15.3.5 Volgens respondente is die studie-atmosfeer in die kos=huise swakker as in ander verblyfplekke.

7.15.3.6 Ietwat meer as die helfte van die ongetroude responden=te het ten tye van die ondersoek ŉ vaste verhouding gehad met ie=mand van die teenoorgestelde geslag. Nagenoeg een derde (32,8%) van die ongetroude respondente het gemeld dat hulle graag dadelik sou wou trou, maar dat dit weens allerlei faktore nie moontlik is nie.

In die slothoofstuk word die verloop van die ondersoek en veral die bevindings saamgevat en word aanbevelings ter verbetering - waar nodig - gedoen.